BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

# Staatskoerant

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY-POST FREE

VOL. 23.] KAAPSTAD, 1 MAART 1967. CAPE TOWN, 1ST MARCH, 1967. [No. 1670.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 269.] [1 Maart 1967.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| No. 13 van 1967: | Wysigingswet op Gedenkwaardighede, 1967 | 3 |
| No. 14 van 1967: | Wysigingswet op Landbouplae, 1967 | 11 |
| No. 15 van 1967: | Wysigingswet op Grondbewaring, 1967 | 15 |
| No. 16 van 1967: | Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967 | 19 |
| No. 17 van 1967: | Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967 | 69 |
| No. 18 van 1967: | Wysigingswet op Dieresiektes en -parasiete, 1967 | 71 |


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 269.] [1st March, 1967.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—


| | | PAGE |
|---|---|---|
| No. 13 of 1967: | Monuments Amendment Act, 1967 | 2 |
| No. 14 of 1967: | Agricultural Pests Amendment Act, 1967 | 10 |
| No. 15 of 1967: | Soil Conservation Amendment Act, 1967 | 14 |
| No. 16 of 1967: | Mining Titles Registration Act, 1967 | 18 |
| No. 17 of 1967: | Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967 | 68 |
| No. 18 of 1967: | Animal Diseases and Parasites Amendment Act, 1967 | 70 |

No. 13, 1967.]

# ACT

**To amend the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934, so as to provide for the designation by the Minister of the chairman of the commission and for the election of a vice-chairman by the commission; to modify the provisions relating to the calling and conduct of meetings of the commission; to dispense with the publication of the names of members of the commission in the *Gazette*; to provide for the appointment of an executive committee and other committees of the commission and to define their powers and functions; to extend the provisions of section 3 of the said Act to members of committees; to enlarge the powers conferred on the commission by section 4 of the said Act; to empower the commission to make inscriptions on tablets erected by it also in languages other than the official languages, to acquire or construct and maintain an access road to any monument or relic and to fence any such road and to publish information relating to monuments, relics or antiques; to provide for the investigation by the commission of applications for subsidies in respect of the purchase or restoration of historical buildings; to further restrict the commission's power to deal with its own property or property for which it is trustee without the consent of the Minister; to make further provision in regard to the procedure to be followed to increase or reduce any area proclaimed to be a monument or to deproclaim a monument; to apply for a limited period the provisions of section 9 of the said Act in relation to any object in respect of which notice that it is proposed to recommend the proclamation thereof has been given and to any area in respect of which it is proposed to recommend that any area which is a monument be increased thereby, where notice of the proposed recommendation has been given; to apply the prohibition in section 9 (4) of the said Act to the alteration of any antique and to provide for an appeal against any decision of the commission for the purposes of section 9 (2) or (4); to confer additional powers on the Minister to make regulations; to substitute the word "Republic" for the word "Union" where it occurs in certain places in the said Act; and to provide for certain incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 18th February,* 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 2 of Act 4 of 1934.

**1.** (1) Section 2 of the Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques Act, 1934 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (4) of the following subsections:

"(4) (*a*) The Minister shall designate one of the members of the commission as chairman of the commission, and the commission shall from amongst its members elect a vice-chairman of the commission.

(*b*) If the chairman or vice-chairman of the commission ceases to hold office as a member of the commission or as chairman or vice-chairman of the commission a new chairman or vice-chairman shall be designated or elected, as the case may be, in terms of paragraph (*a*).

No. 13, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934, om voorsiening te maak vir die aanwysing van die voorsitter van die kommissie deur die Minister en vir die kies van 'n ondervoorsitter deur die kommissie; om die bepalings met betrekking tot die belê en beheer van vergaderings van die kommissie te verander; om weg te doen met publikasie van die name van lede van die kommissie in die *Staatskoerant*; om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n uitvoerende komitee en ander komitees van die kommissie en om hulle bevoegdhede en werksaamhede te bepaal; om die bepalings van artikel 3 van bedoelde Wet uit te brei na lede van komitees; om die bevoegdhede wat deur artikel 4 van bedoelde Wet aan die kommissie verleen word, uit te brei; om die kommissie te magtig om op tablette deur hom opgerig ook inskripsies in ander tale as die amptelike tale aan te bring, om 'n toegangspad na enige gedenkwaardigheid of oudheid-oorblyfsel te verkry of te bou en in stand te hou en om enige sodanige pad te omhein en om inligting met betrekking tot gedenkwaardighede, oudheid-oorblyfsels of antieke voorwerpe te publiseer; om voorsiening te maak vir die ondersoek deur die kommissie van aansoeke om subsidies ten opsigte van die aankoop of restourasie van historiese geboue; om die kommissie se bevoegdheid om sonder die Minister se toestemming te handel met sy eie eiendom of eiendom waarvoor hy kurator of trustee is, verder te beperk; om verdere voorsiening te maak met betrekking tot die prosedure wat gevolg moet word om 'n gebied wat as 'n gedenkwaardigheid geproklameer is, te vergroot of te verminder of om 'n gedenkwaardigheid te deproklameer; om die bepalings van artikel 9 van bedoelde Wet vir 'n beperkte tydperk van toepassing te maak met betrekking tot enige voorwerp ten opsigte waarvan kennis gegee is dat dit die voorneme is om die proklamering daarvan aan te beveel en tot enige gebied ten opsigte waarvan die voorneme bestaan om aan te beveel dat 'n gebied wat 'n gedenkwaardigheid is, daarmee vergroot moet word, waar kennis van die voorgenome aanbeveling gegee is; om die verbodsbepaling in artikel 9 (4) van bedoelde Wet op die verandering van 'n antieke voorwerp van toepassing te maak en om voorsiening te maak vir 'n appèl teen 'n beslissing van die kommissie vir die doeleindes van artikel 9 (2) of (4); om bykomende bevoegdhede om regulasies uit te vaardig aan die Minister te verleen; om die woord „Unie", waar dit op sekere plekke in bedoelde Wet voorkom, deur die woord „Republiek" te vervang; en om vir sekere bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 2 van Wet 4 van 1934.**

**1.** (1) Artikel 2 van die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede, 1934 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikels te vervang:

„(4) (*a*) Die Minister wys een van die lede van die kommissie as voorsitter van die kommissie aan, en die kommissie kies uit sy lede 'n ondervoorsitter van die kommissie.

(*b*) Indien die voorsitter of ondervoorsitter van die kommissie ophou om sy amp as 'n lid van die kommissie of as voorsitter of ondervoorsitter van die kommissie te beklee, word 'n nuwe voorsitter of ondervoorsitter ingevolge paragraaf (*a*) aangewys of gekies, na gelang van die geval.

(4A) At all meetings of the commission the chairman, or in his absence the vice-chairman, or in the absence of both the chairman and the vice-chairman, some other member of the commission chosen by the members present shall preside.

(4B) If for any reason the chairman is not able to act, the vice-chairman if able to do so, shall act in his stead and while so acting the vice-chairman shall have all the powers and perform all the duties of the chairman.

(4C) The chairman may at any time convene a meeting of the commission to be held at such time and place as he may determine and shall, upon a written request signed by not less than three members of the commission, convene a meeting thereof to be held within two weeks after the date of receipt of such request, at such time and place as he may determine.";

(*b*) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) The Minister may at any time appoint new members to the commission."; and

(*c*) by the addition of the following subsections:

"(7) The commission may appoint—

(*a*) from amongst its members an executive committee; and

(*b*) such other committees as it may deem necessary to assist it in the performance of its functions, and may appoint such persons, including persons other than members of the commission, as it may deem fit, to be members of any such committee.

(8) The executive committee may, subject to the directions of the commission, exercise all the powers and perform all the functions of the commission during periods between meetings of the commission, but shall not have the power, save in so far as the commission otherwise directs, to set aside or vary any decision of the commission, and any action taken or decision made by the executive committee shall be subject to review at the first ensuing meeting of the commission.

(9) The commission may assign to a committee appointed in terms of subsection (7) (*b*) such of its functions as it may deem fit, but shall not be divested of any function which it may have assigned to a committee, and may amend or withdraw any decision made by a committee.".

(2) The person who at the commencement of this Act holds office as chairman of the commission shall be deemed to have been designated as chairman of the commission in terms of section 2 (4) of the principal Act as substituted by subsection (1) of this section.

**Substitution of section 3 of Act 4 of 1934.**

**2.** The following section is hereby substituted for section 3 of the principal Act:

"Members of commission or of a committee not to be remunerated.

**3.** No remuneration shall be paid to the members of the commission or of any committee thereof, but any such member may draw from the funds of the commission his reasonable expenses for travelling and subsistence while engaged upon the business of the commission or of any such committee at a tariff which may be prescribed by regulation under section 12.".

**Substitution of section 4 of Act 4 of 1934.**

**3.** The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"The commission a body corporate.

**4.** The commission shall be a body corporate capable in law of suing and being sued in its corporate name and, subject to the provisions of this Act, of investing, lending and borrowing moneys, of purchasing or otherwise acquiring, holding, leasing, hiring, receiving in trust or making over to any person to hold in trust, selling, exchanging, alienating or hypothecating any property, movable or immovable, burdening such property with a servitude or otherwise conferring any real right therein and of performing such acts as bodies corporate may by law perform.".

(4A) By alle vergaderings van die kommissie moet die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, of in die afwesigheid van sowel die voorsitter as die ondervoorsitter, 'n ander lid van die kommissie wat gekies word deur die lede wat teenwoordig is, voorsit.

(4B) Indien die voorsitter om die een of ander rede nie kan optree nie, moet die ondervoorsitter, indien hy daartoe in staat is, in sy plek optree en terwyl die ondervoorsitter aldus optree, het hy al die bevoegdhede en vervul hy al die pligte van die voorsitter.

(4C) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n vergadering van die kommissie belê wat gehou word op 'n tyd en plek deur hom vasgestel, en moet op skriftelike versoek wat deur minstens drie lede van die kommissie onderteken is, 'n vergadering van die kommissie belê wat op 'n tyd en plek deur hom bepaal, gehou word binne twee weke vanaf die datum van ontvangs van bedoelde versoek.";

(*b*) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

„(6) Die Minister kan te eniger tyd nuwe lede van die kommissie aanstel."; en

(*c*) deur die volgende subartikels by te voeg:

„(7) Die kommissie kan—

(*a*) uit sy lede 'n uitvoerende komitee aanstel; en

(*b*) die ander komitees aanstel wat die kommissie nodig ag om hom by die verrigting van sy werksaamhede by te staan, en kan die persone, insluitende persone wat nie lede van die kommissie is nie, aanstel wat hy goedvind om lede van enige sodanige komitee te wees.

(8) Die uitvoerende komitee kan, onderworpe aan die voorskrifte van die kommissie, gedurende tydperke tussen vergaderings van die kommissie al die bevoegdhede van die kommissie uitoefen en al sy werksaamhede verrig, maar is, behalwe vir sover die kommissie anders gelas, nie bevoeg om 'n besluit van die kommissie tersyde te stel of te wysig nie, en enige stappe deur die uitvoerende komitee gedoen of besluit deur hom geneem, is onderhewig aan hersiening op die eersvolgende vergadering van die kommissie.

(9) Die kommissie kan aan 'n ingevolge subartikel (7) (*b*) aangestelde komitee sodanige van sy werksaamhede toewys as wat hy goedvind, maar word nie onthef van 'n werksaamheid wat hy aan 'n komitee toegewys het nie, en kan 'n besluit van 'n komitee wysig of intrek.".

(2) Die persoon wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet die amp van voorsitter van die kommissie beklee, word geag ingevolge artikel 2 (4) van die Hoofwet, soos deur subartikel (1) van hierdie artikel vervang, as voorsitter van die kommissie aangewys te gewees het.

**Vervanging van artikel 3 van Wet 4 van 1934.**

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**„Lede van kommissie of van 'n komitee word nie besoldig nie.**

**3.** Die lede van die kommissie of van enige komitee daarvan word nie besoldig nie, maar enige sodanige lid kan uit die gelde van die kommissie sy redelike reis- en onderhoudskoste trek terwyl hy die kommissie of enige sodanige komitee se besigheid verrig, volgens 'n tarief wat ingevolge artikel 12 by regulasie vasgestel word.".

**Vervanging van artikel 4 van Wet 4 van 1934.**

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**„Kommissie is 'n regspersoon.**

**4.** Die kommissie is 'n regspersoon wat bevoeg is om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree en om, behoudens die bepalings van hierdie Wet, geld te belê, uit te leen en te leen, om roerende of onroerende goed te koop of andersins te verkry, te besit, te verhuur, te huur, in trust te ontvang of aan iemand oor te dra om in trust te hou, te verkoop, te ruil, te vervreem of te verhipotekeer, om daardie goed met 'n serwituut te beswaar of om andersins 'n saaklike reg daarop te verleen, en om alle handelings te verrig wat regspersone regtens mag verrig.".

**Amendment of section 6 of Act 4 of 1934.**

**4.** Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*e*) of subsection (1) of the following paragraph:

„(*e*) take steps for the erection of tablets in suitable places giving information in both the official languages and, if the commission considers it desirable to do so, in any other language, about historical events which occurred at such places;";

(*b*) by the addition to subsection (1) of the following paragraphs:

"(*k*) by agreement with the owner of any land acquire or construct and maintain an access road over such land to any monument or relic and may, with the concurrence of such owner, construct fences, walls and gates upon, across or next to such road;

(*l*) publish or cause to be published any information directly or indirectly relating to monuments, relics or antiques."; and

(*c*) by the substitution for paragraph (*a*) of subsection (2) of the following paragraph:

"(*a*) when required by the Minister—

(i) investigate and report upon any matter relating to any object proclaimed under section 8 or upon the desirability of so proclaiming any object;

(ii) investigate any application for a State subsidy in respect of the purchase or restoration of any historical building and submit its findings and recommendations to the Minister;".

**Substitution of section 7 of Act 4 of 1934.**

**5.** The following section is hereby substituted for section 7 of the principal Act:

"Restriction on power to alienate, etc.

**7.** Save with the written consent of the Minister, the commission shall not alienate, hypothecate, let or make over to any person to hold in trust any object which is its property, or for which it is trustee, or burden any such object with a servitude or otherwise confer any real right therein, or lend any money.".

**Amendment of section 8 of Act 4 of 1934, as amended by section 1 of Act 9 of 1937.**

**6.** Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister may from time to time, on the recommendation of the commission, by notice in the *Gazette* increase or reduce any area proclaimed to be a monument in terms of subsection (1) (*a*), or deproclaim any monument: Provided that no such area shall be so increased unless the commission has given notice in writing to the owner concerned that it proposes to recommend the increase of such area, in which event the provisions of paragraphs (i) and (ii) of the proviso to subsection (1) shall *mutatis mutandis* apply."; and

(*b*) by the addition of the following subsection:

"(3) Any object in respect of which notice has been given in terms of paragraph (i) of the proviso to subsection (1) shall, for a period of three months from the date on which such notice was given, or, if it is sooner proclaimed under subsection (1), until it is so proclaimed, for the purposes of section 9 be deemed to have been proclaimed under subsection (1), and any area by which it is proposed to increase any area in terms of subsection (2) shall, for a period of three months from the date on which the notice referred to in the proviso to that subsection was given, or, if the area in question is sooner increased in terms of subsection (2), until it is so increased, for the purposes of section 9 be deemed to be a portion of the area proposed to be increased in terms of subsection (2).".

**Amendment of section 9 of Act 4 of 1934.**

**7.** Section 9 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

**4.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 6 van Wet 4 van 1934.**

(*a*) deur paragraaf (*e*) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*e*) stappe doen vir die oprig, op geskikte plekke, van tablette wat inligting in albei amptelike tale en, indien die kommissie dit wenslik ag om dit te doen, in enige ander taal, verskaf betreffende historiese gebeurtenisse wat op daardie plekke plaasgevind het;";

(*b*) deur die volgende paragrawe by subartikel (1) te voeg:

„(*k*) by ooreenkoms met die eienaar van enige grond 'n toegangspad oor sodanige grond na enige gedenkwaardigheid of oudheid-oorblyfsel verkry of bou en in stand hou en kan, met instemming van sodanige eienaar heinings, mure en hekke op, oor of langs sodanige pad oprig;

(*l*) enige inligting wat regstreeks of onregstreeks op gedenkwaardighede, oudheid-oorblyfsels of antieke voorwerpe betrekking het, publiseer of laat publiseer."; en

(*c*) deur paragraaf (*a*) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(*a*) op las van die Minister—

(i) ondersoek instel en verslag doen omtrent sake in verband met 'n voorwerp wat ingevolge artikel 8 geproklameer is of omtrent die wenslikheid om die een of ander voorwerp aldus te proklameer;

(ii) enige aansoek om 'n Staatsubsidie ten opsigte van die aankoop of restourasie van enige historiese gebou ondersoek en sy bevindings en aanbevelings aan die Minister voorlê;".

**5.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: **Vervanging van artikel 7 van Wet 4 van 1934.**

**„Beperking van vervreemdingsbevoegdheid, ens.** **7.** Die kommissie mag nie, sonder skriftelike toestemming van die Minister, 'n voorwerp wat aan die kommissie behoort of waarvoor hy kurator of trustee is, vervreem, verhipotekeer, verhuur of aan iemand oordra om in trust te hou, of enige sodanige voorwerp met 'n serwituut beswaar of andersins 'n saaklike reg daarop verleen of enige geld uitleen nie.".

**6.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 8 van Wet 4 van 1934, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 9 van 1937.**

(*a*) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die Minister kan van tyd tot tyd op aanbeveling van die kommissie by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n gebied wat volgens subartikel (1) (*a*) as 'n gedenkwaardigheid geproklameer is, vergroot of verminder of enige gedenkwaardigheid deproklameer: Met dien verstande dat geen sodanige gebied aldus vergroot word nie tensy die kommissie skriftelike kennis aan die betrokke eienaar gegee het dat die kommissie voornemens is om die vergroting van sodanige gebied aan te beveel, in watter geval die bepalings van paragrawe (i) en (ii) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) *mutatis mutandis* van toepassing is."; en

(*b*) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Enige voorwerp ten opsigte waarvan kennis ingevolge paragraaf (i) van die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) gegee is, word vir 'n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop sodanige kennis gegee is, of, indien dit vroeër kragtens subartikel (1) geproklameer word, totdat dit aldus geproklameer word, by die toepassing van artikel 9 geag kragtens subartikel (1) geproklameer te gewees het, en enige gebied waarmee 'n gebied volgens voorneme ingevolge subartikel (2) vergroot gaan word, word vir 'n tydperk van drie maande vanaf die datum waarop die in die voorbehoudsbepaling by daardie subartikel bedoelde kennisgewing gegee is, of, indien die betrokke gebied vroeër ingevolge subartikel (2) vergroot word, totdat dit aldus vergroot word, by die toepassing van artikel 9 geag deel uit te maak van die gebied wat volgens voorneme ingevolge subartikel (2) vergroot gaan word.".

**7.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 9 van Wet 4 van 1934.**

(*a*) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) No person having control of any antique shall without the written consent of the commission destroy, alter or damage it or export it from the Republic."; and

(*b*) by the addition of the following subsections:

"(6) Any person who is aggrieved by any decision of the commission for the purposes of subsection (2) or (4) may appeal against such decision to the Minister.

(7) The decision of the Minister on any appeal lodged with him under this section shall be final and shall be deemed to be a decision of the commission.".

Amendment of section 12 of Act 4 of 1934.

**8.** Section 12 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for paragraph (*a*) of the following paragraph:

"(*a*) the procedure in connection with meetings of the commission and of any committee appointed under section 2 (7) (including the quorum in the case of committees) and the manner in which meetings of any such committee shall be called;";

(*b*) by the substitution for paragraph (*d*) of the following paragraph:

"(*d*) the rates of travelling and subsistence allowances to be paid to members of the commission and of committees thereof;"; and

(*c*) by the addition of the following paragraph:

"(*e*) generally, all matters which he considers it necessary or expedient to prescribe in order that the objects of this Act may be achieved.".

Substitution in Act 4 of 1934 for the word "Union" of the word "Republic".

**9.** Subject to the preceding provisions of this Act, the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Union", wherever it occurs, except in section 1 thereof, of the word "Republic".

Short title.

**10.** This Act shall be called the Monuments Amendment Act, 1967.

„(4) Niemand wat oor 'n antieke voorwerp beskik, mag dit sonder skriftelike toestemming van die kommissie vernietig, verander, beskadig of uit die Republiek uitvoer nie."; en

(b) deur die volgende subartikels by te voeg:

„(6) Iemand wat hom veronreg ag deur 'n beslissing van die kommissie vir die doeleindes van subartikel (2) of (4) kan teen daardie beslissing by die Minister appèl aanteken.

(7) Die beslissing van die Minister oor 'n appèl ingevolge hierdie artikel by hom ingedien, is afdoende en word geag 'n beslissing van die kommissie te wees.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 1934.**

**8.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) die prosedure in verband met vergaderings van die kommissie en van enige kragtens artikel 2 (7) aangestelde komitee (met inbegrip van die kworum in die geval van komitees) en die wyse waarop vergaderings van enige sodanige komitee belê moet word;";

(b) deur paragraaf (d) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(d) die tarief van die aan lede van die kommissie en van komitees daarvan te betale reis- en onderhoudstoelae;"; en

(c) deur die volgende paragraaf by te voeg:

„(e) in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of raadsaam ag om vas te stel ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.".

**Vervanging in Wet 4 van 1934 van die woord „Unie" deur die woord „Republiek".**

**9.** Behoudens die voorgaande bepalings van hierdie Wet, word die Hoofwet hierby gewysig deur die woord „Unie", oral waar dit voorkom, behalwe in artikel 1 daarvan, deur die woord „Republiek" te vervang.

**Kort titel.**

**10.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Gedenkwaardighede, 1967.

No. 14, 1967.]

# ACT

**To amend the Agricultural Pests Act, 1957, so as to amend the definition of "nursery" and to insert a definition of "sell"; to make it clear that the Minister may grant exemption from the obligation to register nurseries generally or specially; to make registration subject to the conditions prescribed by regulation; to provide that non-growers who sell plants, shall also affix to the plants or the containers of the plants, the name and address of the nursery where they were grown; to make provision for the registration of premises of non-growers who sell plants; to prohibit the lifting or destruction of or the interference with dead or living plants in a quarantined area of a nursery; to increase penalties; and to repeal the Psorosis Act, 1927.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 18th February*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 42 of 1957, as amended by section 1 of Act 15 of 1963.**

**1.** Section 1 of the Agricultural Pests Act, 1957 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "nursery" of the following definition:

"(vii) 'nursery' means any premises whereon or wherein trees, shrubs, vines and ornamental or fruit-bearing plants are grown and from which they are sold in their living state; (v)"; and

(*b*) by the insertion after the definition of "regulation" of the following definition:

"(xiii) 'sell' includes offer, advertise, keep, display, dispatch, convey or deliver for sale, or exchange, or dispose of for any consideration whatsoever, or dispatch, convey or deliver in pursuance of a sale, exchange or disposal as aforesaid. (xiii)".

**Amendment of section 2 of Act 42 of 1957.**

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Every occupier of a nursery shall, unless exempted by the Minister either generally or specially by notice in the *Gazette*, register annually that nursery with the department in a manner and at a time and subject to the conditions prescribed by regulation and shall pay annually in respect of such registration such fee as may be likewise prescribed."; and

(*b*) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) No person shall sell any tree, shrub, vine, ornamental plant or fruit-bearing plant unless his name and address and, in the case where he is not himself the grower thereof, the name and address of the nursery where it was grown, are legibly and durably affixed to the plant or to the container in which it grows or is packed: Provided that the occupier of a registered nursery need affix only his own name and address in the said manner if the plant which he sells, originated from another registered nursery.".

**Insertion of section 2A in Act 42 of 1957.**

**3.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 2:

"Registration of premises, other than nurseries, where plants are sold.

2A. Every occupier of any premises, other than a nursery, from which a tree, shrub, vine, ornamental tree or fruit-bearing tree is sold, shall, unless exempted by the Minister either generally or specially by notice in the *Gazette*, register annually those

No. 14, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Landbouplae, 1957, om die omskrywing van „kwekery" te wysig en om 'n omskrywing van „verkoop" in te voeg; om dit duidelik te stel dat die Minister vrystelling van die verpligting om kwekerye te registreer in die algemeen of in die besonder kan verleen; om registrasie onderworpe te maak aan die voorwaardes by regulasie voorgeskryf; om daarvoor voorsiening te maak dat nie-kwekers wat plante verkoop, ook die naam en adres van die kwekery waar hulle gekweek is, aan die plante of houers van die plante moet heg; om voorsiening te maak vir die registrasie van persele van nie-kwekers wat plante verkoop; om 'n verbod te plaas op die uithaal of vernietiging van, of die peuter met, dooie of lewende plante in 'n gebied onder kwarantyn in 'n kwekery; om strawwe te verhoog; en om die Psorosis Wet, 1927, te herroep.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 42 van 1957, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 15 van 1963.**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Landbouplae, 1957 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „kwekery" deur die volgende omskrywing te vervang:

„(v) ‚kwekery' enige perseel waarop of waarin bome, struike, wingerdstokke en sierplante of vrugtedraende plante gekweek word en vanwaar hulle in lewende toestand verkoop word; (vii)"; en

(*b*) deur na die omskrywing van „uitheemse dier" die volgende omskrywing in te voeg:

„(xiii) ‚verkoop' ook vir verkoop aanbied, adverteer, hou, uitstal, versend, vervoer of lewer, of verruil, of teen enige vergoeding hoegenaamd van die hand sit, of ingevolge 'n verkoping, verruiling of van die handsetting soos voormeld, versend, vervoer of lewer. (xiii)".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 42 van 1957.**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Elke okkupeerder van 'n kwekery moet, tensy deur die Minister, hetsy in die algemeen of in die besonder, by kennisgewing in die *Staatskoerant* vrygestel, daardie kwekery jaarliks by die departement registreer op die wyse en tyd en onderworpe aan die voorwaardes by regulasie voorgeskryf, en moet jaarliks ten opsigte van bedoelde registrasie die gelde wat insgelyks voorgeskryf word, betaal."; en

(*b*) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Niemand mag 'n boom, struik, wingerdstok, sierplant of vrugtedraende plant verkoop tensy sy naam en adres en, in die geval waar hy nie self die kweker daarvan is nie, die naam en adres van die kwekery waar dit gekweek is, op leesbare en duursame wyse aan die plant of aan die houer waarin dit groei of verpak is, geheg is nie: Met dien verstande dat die okkupeerder van 'n geregistreerde kwekery slegs sy eie naam en adres op bedoelde wyse hoef aan te heg indien die plant wat hy verkoop uit 'n ander geregistreerde kwekery afkomstig is.".

**Invoeging van artikel 2A in Wet 42 van 1957.**

**3.** Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 2 ingevoeg:

„Registrasie van ander persele as kwekerye, waar plante verkoop word.

**2A.** Elke okkupeerder van enige ander perseel as 'n kwekery vanwaar 'n boom, struik, wingerdstok, sierplant of vrugtedraende plant verkoop word, moet, tensy hy deur die Minister, hetsy in die algemeen of in die besonder, by kennisgewing in die *Staatskoerant* vrygestel is, daardie perseel jaarliks

premises with the department in a manner and at a time and subject to the conditions prescribed by regulation and shall pay annually in respect of such registration such fee as may be likewise prescribed.".

Amendment of section 3 of Act 42 of 1957.

**4.** Section 3 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) No person shall, without a permit in writing from the department, lift, remove or destroy or cause to be lifted, removed or destroyed, or interfere with, any dead or living plant in or from a quarantined area of a nursery: Provided that a plant may, for the purposes of its destruction or treatment, be removed from any such quarantined area under such conditions or restrictions and to such place as the department or the officer may prescribe.".

Amendment of section 32 of Act 42 of 1957.

**5.** Section 32 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any person guilty of an offence in terms of the provisions of this Act or of any proclamation issued thereunder or of any regulation shall, where no punishment is expressly provided for the offence, be liable on conviction to a fine not exceeding five hundred rand, or in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding one year.".

Repeal of Act 42 of 1927.

**6.** The Psorosis Act, 1927, is hereby repealed.

Short title.

**7.** This Act shall be called the Agricultural Pests Amendment Act, 1967.

by die departement registreer op die wyse en tyd en onderworpe aan die voorwaardes by regulasie voorgeskryf, en moet jaarliks ten opsigte van bedoelde registrasie die gelde wat insgelyks voorgeskryf word, betaal.".

**Wysiging van artikel 3 van Wet 42 van 1957.**

**4.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Niemand mag sonder 'n skriftelike permit van die departement enige dooie of lewende plant in of van 'n gebied onder kwarantyn in 'n kwekery uithaal, verwyder of vernietig of laat uithaal, verwyder of vernietig of daarmee peuter nie: Met dien verstande dat, onderworpe aan die voorwaardes of beperkings wat die departement of die amptenaar voorskryf, 'n plant van so 'n gebied onder kwarantyn na 'n aldus voorgeskrewe plek verwyder kan word om vernietig of behandel te word.".

**Wysiging van artikel 32 van Wet 42 van 1957.**

**5.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge die bepalings van hierdie Wet of van 'n daarkragtens uitgevaardigde proklamasie of van 'n regulasie skuldig is, is waar daar geen straf uitdruklik vir die misdryf voorgeskryf is nie, by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vyfhonderd rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.".

**Herroeping van Wet 42 van 1927.**

**6.** Die Psorosis Wet, 1927, word hierby herroep.

**Kort titel.**

**7.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Landbouplae, 1967.

No. 15, 1967.]

# ACT

**To amend sections 1 and 19 of the Soil Conservation Act, 1946, so as to exclude labour tenants, squatters, servants, "bywoners" and "deelsaaiers" from the definition of '"land occupier' or 'occupier of land'"; to amend the definition of "owner"; to define "agricultural land" and "urban area"; and, in lieu of the making of endorsements in the registers and against the title deeds of agricultural land with reference to soil conservation schemes, to provide for the submission of an affidavit in the prescribed form by a transferee of such land.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 45 of 1946, as amended by section 1 of Act 6 of 1949, section 1 of Act 37 of 1960 and section 1 of Act 31 of 1964.

**1.** Section 1 of the Soil Conservation Act, 1946 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the insertion before the definition of "board" of the following definition:
"'agricultural land' means all land—
(*a*) which is not situated in an urban area; and
(*b*) of which the ownership is not in terms of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), vested in the South African Bantu Trust, constituted by section 4 of the said Act; and
(*c*) to which no provision of the Rural Coloured Areas Act, 1963 (Act No. 24 of 1963), applies or of which the ownership is not vested in the Minister of Coloured Affairs in trust for Coloured persons;";

(*b*) by the substitution for the definition of "'land occupier' or 'occupier of land'" of the following definition:
"'land occupier' or 'occupier of land' means any person who as owner, lessee or otherwise has the management, charge, control or use of any land, whether he resides on that land or not, and includes any person who has a right of cutting trees or wood on or removing trees or wood from any land, and, in relation to land under the control of a local authority, that local authority, but does note include any person who as a labour tenant, squatter or servant as defined in section 49 of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act No. 18 of 1936), or as a 'bywoner' or 'deelsaaier' is in occupation of or has the use of any land;";

(*c*) by the substitution for the definition of "owner" of the following definition:
"'owner' in relation to any land means—
(*a*) the person in whose name the land is registered or, if such person is absent from the Republic or his whereabouts are unknown, his agent or legal representative in the Republic;
(*b*) in the case of State land leased under a lease which contains an option in favour of the lessee to purchase the land so leased, the lessee who has exercised his option to purchase the land;

No. 15, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van artikels 1 en 19 van die Grondbewaringswet, 1946, om plakker-diensbodes, plakkers, diensbodes, bywoners en deelsaaiers van die omskrywing van „,grondbewoner' of ,bewoner van grond'" uit te sluit; om die omskrywing van „eienaar" te wysig; om „landbougrond" en „stadsgebied" te omskryf; en om, in plaas van die aanbring van endossemente in die registers en op die titelbewyse van landbougrond met betrekking tot grondbewaringsplanne, voorsiening te maak vir die voorlegging deur 'n transportnemer van sodanige grond van 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 1 van die Grondbewaringswet, 1946 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— **Wysiging van artikel 1 van Wet 45 van 1946, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 6 van 1949, artikel 1 van Wet 37 van 1960 en artikel 1 van Wet 31 van 1964.**

(*a*) deur voor die omskrywing van „raad" die volgende omskrywing in te voeg:

„,landbougrond' alle grond—

(*a*) wat nie in 'n stadsgebied geleë is nie; en

(*b*) waarvan die eiendomsreg nie ingevolge die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), by die Suid-Afrikaanse Bantoetrust, ingestel by artikel 4 van daardie Wet, berus nie; en

(*c*) waarop geen bepaling van die Wet op Landelike Kleurlinggebiede, 1963 (Wet No. 24 van 1963), van toepassing is nie of waarvan die eiendomsreg nie by die Minister van Kleurlingsake in trust vir Kleurlinge berus nie;";

(*b*) deur die omskrywing van „,grondbewoner' of ,bewoner van grond'" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,grondbewoner' of ,bewoner van grond' iemand wat as eienaar, huurder of andersins die toesig of beheer oor of bestuur of gebruik van enige grond het, hetsy hy op daardie grond woon of nie, en ook iemand wat die reg het om bome of hout op enige grond te kap of bome of hout daarvan te verwyder, en, met betrekking tot grond onder die beheer van 'n plaaslike bestuur, daardie plaaslike bestuur, maar nie ook iemand wat as plakkerdiensbode, plakker of diensbode, soos omskryf in artikel 49 van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), of as 'n bywoner of deelsaaier in okkupasie van grond is of die gebruik daarvan het nie;";

(*c*) deur die omskrywing van „eienaar" deur die volgende omskrywing te vervang:

„,eienaar' met betrekking tot grond—

(*a*) die persoon in wie se naam die grond geregistreer is of, as daardie persoon uit die Republiek afwesig is of sy verblyfplek onbekend is, sy agent of regsverteenwoordiger in die Republiek;

(*b*) in die geval van Staatsgrond verhuur kragtens 'n huurkontrak wat 'n opsie ten gunste van die huurder bevat om die aldus verhuurde grond aan te koop, die huurder wat sy opsie uitgeoefen het om die grond aan te koop;

(*c*) in respect of land under the control of a local authority, that local authority;

(*d*) for the purposes of sections 9 and 10, includes—

(i) any lessee of State land leased under a lease which contains an option in favour of the lessee to purchase the land so leased, who has not exercised his option to purchase the land;

(ii) any lessee of land leased for a period of ten years or longer; and

(*e*) any person who has purchased State land which has not yet been registered in his name;"; and

(*d*) by the insertion after the definition of "soil conservation works" of the following definition:

"'urban area' means the area consisting of the erven or lots and public open spaces other than commonage land and of the streets bounded by erven or lots or such public open spaces shown on the general plan of a township as defined in section 102 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937);".

Amendment of section 19 of Act 45 of 1946, as amended by section 11 of Act 37 of 1960.

**2.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Before transfer of any agricultural land or an undivided share in agricultural land may be registered, the transferee or the representative recognized by law of the transferee shall furnish the officer in charge of the deeds registry in which the land is registered, with an affidavit, in the prescribed form, that he is in possession of the soil conservation scheme which has been declared to be applicable to that land and that he knows the contents thereof, or that he has ascertained that no soil conservation scheme has been applied to the land, as the case may be.".

**Short title.**

**3.** This Act shall be called the Soil Conservation Amendment Act, 1967, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(*c*) ten opsigte van grond onder beheer van 'n plaaslike bestuur, daardie plaaslike bestuur;

(*d*) vir doeleindes van artikels 9 en 10 ook—

(i) 'n huurder van Staatsgrond, verhuur kragtens 'n huurkontrak wat 'n opsie ten gunste van die huurder bevat om die aldus verhuurde grond aan te koop, wat nie sy opsie uitgeoefen het om die grond aan te koop nie;

(ii) 'n huurder van grond verhuur vir 'n tydperk van tien jaar of langer; en

(*e*) 'n persoon wat Staatsgrond gekoop het wat nog nie in sy naam geregistreer is nie;"; en

(*d*) deur na die omskrywing van „grondbewaringswerke" die volgende omskrywing in te voeg:

„,stadsgebied' die gebied bestaande uit die erwe of persele en ander publieke ope ruimtes as meentgrond en uit die strate wat begrens word deur erwe of persele of sodanige publieke ope ruimtes wat op die algemene plan van 'n dorp, soos in artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), omskryf, aangetoon word;".

**2.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 19 van Wet 45 van 1946, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 37 van 1960.

„(4) Voordat oordrag van landbougrond of 'n onverdeelde aandeel in landbougrond geregistreer kan word, moet die transportnemer of die deur die reg erkende verteenwoordiger van die transportnemer aan die beampte wat beheer uitoefen oor die aktekantoor waarin die grond geregistreer is, 'n beëdigde verklaring, in die voorgeskrewe vorm, voorlê dat hy in besit is van die grondbewaringsplan wat op daardie grond van toepassing verklaar is en dat hy met die inhoud daarvan bekend is, of dat hy vasgestel het dat 'n grondbewaringsplan nie op die grond toegepas is nie, na gelang van die geval.".

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Grondbewaring, 1967, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. Kort titel.

No. 16, 1967.]

# ACT

**To regulate the registration of mining titles, other rights connected with prospecting and mining, stand titles and certain other deeds and documents, and to provide for matters incidental thereto.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 18th February*, 1967.)

ARRANGEMENT OF SECTIONS.



| | | | *Section.* |
|---|---|---|---|
| CHAPTER | I. | Introduction .. .. .. .. | 1 |
| CHAPTER | II. | Administration.. .. .. .. | 2–10 |
| CHAPTER | III. | Registration: General provisions .. | 11–16 |
| CHAPTER | IV. | Registration of Deeds of Transfer and of Cession .. .. .. .. | 17–22 |
| CHAPTER | V. | Substituted Title Deeds .. .. | 23–27 |
| CHAPTER | VI. | Change of Title by Endorsement .. | 28–30 |
| CHAPTER | VII. | Bonds: General Provisions .. .. | 31–36 |
| CHAPTER | VIII. | Rights of Mortgagees .. .. | 37–40 |
| CHAPTER | IX. | Servitudes, Contracts, Tributing Agreements and Leases ... ... ... | 41–47 |
| CHAPTER | X. | Miscellaneous .. .. .. .. | 48–68 |



BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

## CHAPTER I.

### INTRODUCTION.

**Interpretation of terms.**

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned, in the Mining Rights Act, 1967, bears the meaning so assigned thereto, and—

(i) "bewaarplaats" means any right granted under article 83 of Law No. 15 of 1898 of the Transvaal or a corresponding provision of any prior law, and in existence at the commencement of this Act; (ii)

(ii) "certificate of bezitrecht" means a certificate issued under section 57 of the Mining Rights Act, 1967, or a corresponding provision of a prior law; (xvii)

(iii) "certificate of reservation of a trading site" means a certificate issued under section 130 of the Mining Rights Act, 1967, or a corresponding provision of a prior law; (xviii)

(iv) "conveyancer" means a person practising as such in the Republic; (xxi)

(v) "court" means any court of the provincial or local division of the Supreme Court having jurisdiction, or any judge of such court; (iv)

(vi) "holder", in relation to—

(*a*) any right granted or created in terms of any existing or prior law relating to prospecting and mining for precious metals, base minerals, natural oil or precious stones; or

(*b*) any right granted or created under any other law which, in terms of the provisions of such other law, is registerable in the Mining Titles Office,

means the person registered in such office as the holder thereof, and if such holder—

(i) is a minor or is mentally disordered or insolvent or otherwise incompetent in law to administer his estate, or is deceased, includes the person recognized by law to administer his estate;

(ii) is a company under judicial management or in liquidation, includes the judicial manager or liquidator thereof.

No. 16, 1967.]

# WET

**Om die registrasie van myntitels, ander regte wat met prospektering en mynbou in verband staan, standplaastitels en sekere ander aktes en dokumente te reël, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

RANGSKIKKING VAN ARTIKELS.


| | | | *Artikel.* |
|---|---|---|---|
| HOOFSTUK | I. | Inleiding .. .. .. .. .. | 1 |
| HOOFSTUK | II. | Administrasie .. .. .. .. | 2–10 |
| HOOFSTUK | III. | Registrasie: Algemene Bepalings .. | 11–16 |
| HOOFSTUK | IV. | Registrasie van Aktes van Oordrag en van Sessie .. .. .. .. | 17–22 |
| HOOFSTUK | V. | Vervangende Titelbewyse .. .. | 23–27 |
| HOOFSTUK | VI. | Verandering van Titel deur Endossement .. .. .. .. | 28–30 |
| HOOFSTUK | VII. | Verbande: Algemene Bepalings .. | 31–36 |
| HOOFSTUK | VIII. | Regte van Verbandhouers .. .. | 37–40 |
| HOOFSTUK | IX. | Serwitute, Kontrakte, Skatpligtige Ooreenkomste en Hure .. .. | 41–47 |
| HOOFSTUK | X. | Diverse Bepalings .. .. .. | 48–68 |


DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## HOOFSTUK I.

### INLEIDING.

**Woordomskrywing.**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan in die Wet op Mynregte, 1967, 'n betekenis gegee is, die betekenis aldus daaraan gegee, en beteken—

(i) „benoemingsooreenkoms" 'n notariële akte bedoel—
(*a*) in artikel 19 van die Wet op Mynregte, 1967; of
(*b*) in artikel 8 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964),
of in 'n ooreenstemmende bepaling van 'n vorige wet; (x)

(ii) „bewaarplaas" 'n reg kragtens artikel 83 van Wet No. 15 van 1898 van Transvaal of 'n ooreenstemmende bepaling van 'n vorige wet toegeken, wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan; (i)

(iii) „hierdie Wet" ook die regulasies; (xxii)

(iv) „hof" 'n hof van die provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het, of 'n regter van so 'n hof; (v)

(v) „houer", met betrekking tot—
(*a*) 'n reg toegeken of geskep ingevolge 'n bestaande of vorige wet in verband met die prospekteer na en ontginning van edelmetale, onedele minerale, aardolie of edelgesteentes; of
(*b*) 'n reg toegeken of geskep kragtens enige ander wet, wat ingevolge die bepalings van daardie ander wet in die Mynbriewekantoor registreerbaar is,
die persoon wat in bedoelde kantoor as die houer daarvan geregistreer is, en indien bedoelde houer—
(i) minderjarig, geestelik gebrekkig, insolvent of andersins regtens onbevoeg is om sy boedel te administreer, of oorlede is, ook die persoon wat regtens erken word om sy boedel te administreer;
(ii) 'n maatskappy is wat onder geregtelike bestuur of in likwidasie is, ook die geregtelike bestuurder of likwidateur daarvan,

in so far as the person so recognized or such judicial manager or liquidator is acting within the authority conferred on him by law; (v)

(vii) "Master", in relation to any matter, means the Master, Deputy Master or Assistant Master of the Supreme Court having jurisdiction in respect of that matter; (vi)

(viii) "mining title" means—

(*a*) any right included in the definition of "mining title" in section 1 of the Mining Rights Act, 1967;

(*b*) any discoverer's certificate issued under the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908), of the Transvaal;

(*c*) any discoverer's certificate or owner's certificate in respect of precious stones in a mine, issued under any law relating to precious stones; and

(*d*) any lease granted under section 21, 72 or 74 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or corresponding provisions of a prior law; (vii)

(ix) "mortgage bond" or "bond" means a mortgage bond attested by the registrar specially hypothecating any mining title, tributing agreement, stand title, surface right permit, water right, certificate of reservation of a trading site, personal servitude or bewaarplaats or any registered lease or sub-lease; (xxii)

(x) "nomination agreement" means a notarial deed such as is referred to—

(*a*) in section 19 of the Mining Rights Act, 1967; or

(*b*) in section 8 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964),

or in a corresponding provision of a prior law; (i)

(xi) "notarial deed" means a deed executed before and attested by a notary public, but does not include a document a signature to which is merely authenticated by a notary public or a copy of a document which has been certified as correct by a notary public; (viii)

(xii) "notary public" means, in relation to any document executed in the Republic, a person practising as such in the Republic; and, in relation to any document executed outside the Republic, a person practising as such in the place where the document is executed; (ix)

(xiii) "permit to retain and treat residues" means—

(*a*) a licence issued under section 138 of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908), of the Transvaal, or of that Act as applied to the province of the Orange Free State by the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936); or

(*b*) a permit issued under section 161 of the Mining Rights Act, 1967; (xi)

(xiv) "prescribed" means prescribed by or under this Act; (xxiii)

(xv) "prospecting contract" means a notarial deed whereby the holder of mining title in respect of precious metals, base minerals or natural oil grants the right to prospect and search for precious metals, base minerals or natural oil (depending on the nature of such mining title) on the land over which such mining title is held, together with the right to purchase or tribute such mining title or any portion thereof; (xii)

(xvi) "registrar" means the Registrar of Mining Titles appointed under section 3; (xv)

(xvii) "registry duplicate" means the counterpart or copy of a certificate, deed or document consisting of more than one copy which is filed or intended to be filed of record in the Mining Titles Office; (xiv)

(xviii) "regulation" means a regulation in force under this Act; (xvi)

vir sover die persoon aldus erken of bedoelde geregtelike bestuurder of likwidateur binne die bevoegdheid handel wat by wet aan hom verleen word; (vi)

(vi) „Meester", met betrekking tot enige aangeleentheid, die Meester, Adjunk-meester of Assistent-meester van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid ten opsigte van daardie aangeleentheid het; (vii)

(vii) „myntitel"—

(*a*) enige reg wat binne die omskrywing van „myntitel" in artikel 1 van die Wet op Mynregte, 1967, val;

(*b*) 'n ontdekkersertifikaat uitgereik kragtens die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908), van Transvaal;

(*c*) 'n ontdekker- of eienaarsertifikaat ten opsigte van edelgesteentes in 'n myn, uitgereik kragtens enige wet met betrekking tot edelgesteentes; en

(*d*) 'n huur toegeken kragtens artikel 21, 72 of 74 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of ooreenstemmende bepalings van 'n vorige wet; (viii)

(viii) „notariële akte" 'n akte verly voor en geattesteer deur 'n notaris, maar nie ook 'n dokument waarop slegs 'n handtekening deur 'n notaris gewaarmerk is of 'n kopie van 'n dokument wat deur 'n notaris as juis gesertifiseer is nie; (xi)

(ix) „notaris", met betrekking tot 'n dokument in die Republiek verly, iemand wat as sodanig in die Republiek praktiseer; en, met betrekking tot 'n dokument buite die Republiek verly, iemand wat as sodanig praktiseer op die plek waar die dokument verly is; (xii)

(x) „oppervlakteregpermit" 'n akte wat deur 'n mynkommissaris met betrekking tot die gebruik van die oppervlakte van grond uitgereik is, of wat dien as bewys dat 'n vergunning ten opsigte van sodanige gebruik verleen is, ingevolge—

(*a*) Hoofstuk IX van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908), van Transvaal, of van daardie Wet soos by die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), op die provinsie Oranje-Vrystaat toegepas; of

(*b*) Hoofstuk X van die Wet op Mynregte, 1967; (xxi)

(xi) „permit om residu's te behou en te behandel"—

(*a*) 'n lisensie uitgereik kragtens artikel 138 van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908), van Transvaal, of van daardie Wet soos by die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), op die provinsie Oranje-Vrystaat toegepas; of

(*b*) 'n permit kragtens artikel 161 van die Wet op Mynregte, 1967, uitgereik; (xiii)

(xii) „prospekteerkontrak" 'n notariële akte waarby die houer van myntitel ten opsigte van edelmetale, onedele minerale of aardolie die reg verleen om na edelmetale, onedele minerale of aardolie (afhangende van die aard van bedoelde myntitel) te prospekteer en daarna te soek op die grond waaroor bedoelde myntitel gehou word, tesame met die reg om bedoelde myntitel of enige gedeelte daarvan te koop of skatpligtig oor te neem; (xv)

(xiii) „reg" 'n reg gehou kragtens of uit hoofde van 'n akte van toekenning, lisensie, sertifikaat of ander titeldokument uitgereik of geskep ingevolge die Wet op Mynregte, 1967, of kragtens enige wet in verband met die prospekteer na en ontginning van edelmetale, onedele minerale, aardolie of edelgesteentes, wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is of kan word of wat gehou word kragtens of uit hoofde van 'n akte van oordrag, akte van sessie, titelsertifikaat of ander akte wat aldus geregistreer is; (xix)

(xiv) „registrasieduplikaat" die duplikaat of kopie van 'n sertifikaat, akte of dokument bestaande uit meer as een kopie wat in die Mynbriewekantoor bewaar word of bestem is om daarin bewaar te word; (xvii)

(xv) „registrateur" die Registrateur van Mynbriewe kragtens artikel 3 aangestel; (xvi)

(xvi) „regulasie" 'n regulasie ingevolge hierdie Wet van krag; (xviii)

(xvii) „sertifikaat van besitreg" 'n sertifikaat uitgereik kragtens artikel 57 van die Wet op Mynregte, 1967, of 'n ooreenstemmende bepaling van 'n vorige wet; (ii)

(xix) "right" means any right which is held by or under any deed of grant, licence, certificate or other document of title issued or created in terms of the Mining Rights Act, 1967, or under any law relating to prospecting and mining for precious metals, base minerals, natural oil or precious stones, and which is registered or capable of being registered in the Mining Titles Office or is held by or under any deed of transfer, deed of cession, certificate of title or other deed which is so registered; (xiii)

(xx) "stand title" means the licence, deed of grant or other deed or document under which any stand is held; (xx)

(xxi) "surface right permit" means any deed issued by a mining commissioner in relation to the use of the surface of land or evidencing any permission granted in respect of such use in terms of—

(*a*) Chapter IX of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908), of the Transvaal, or of that Act as applied to the province of the Orange Free State by the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936); or

(*b*) Chapter X of the Mining Rights Act, 1967; (x)

(xxii) "this Act" includes the regulations; (iii)

(xxiii) "tributing agreement" means a notarial deed whereby the holder of mining title in respect of precious metals, base minerals or natural oil grants the right to mine in and under the land over which such mining title is held and to recover and dispose of, for the grantee's own benefit and account, any precious metals, base minerals or natural oil lawfully won as a result of such mining, subject to the terms and conditions, if any, upon which the mining title has been granted and to the payment to such holder of a royalty in respect of the precious metals, base minerals or natural oil so won; (xix)

(xxiv) "water right" means a right granted under Chapter XI of the Mining Rights Act, 1967, or a corresponding provision of a prior law. (xxiv)

## CHAPTER II.

### ADMINISTRATION.

**Mining Titles Office.**

**2.** (1) The Mining Titles Office established at Johannesburg by section 3 of the Registration of Deeds and Titles Act, 1909 (Act No. 25 of 1909), of the Transvaal, shall remain in existence notwithstanding the repeal of that Act by section 67 of this Act, and shall be the Mining Titles Office for the registration of all mining titles and stand titles and of all other rights, deeds and documents for the registration of which in such office provision is made in this Act or any other law.

(2) All deeds and documents lodged for registration in the Mining Titles Office prior to the commencement of this Act shall be dealt with as if this Act had not been passed.

(3) No right to mine registered or capable of being registered in the Mining Titles Office shall be deemed to be a lease of a right to minerals for the purposes of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937).

**Appointments.**

**3.** (1) Subject to the laws governing the public service—

(*a*) the Minister shall appoint a Registrar of Mining Titles who shall exercise the powers and perform the functions and duties conferred or imposed upon him by this Act or any other law, and such other powers, functions and duties as may be conferred or imposed upon him by the Minister;

(*b*) the Minister may appoint a Deputy Registrar of Mining Titles and one or more Assistant Registrars of Mining Titles who shall have the power, subject to the provisions of this Act and to the directions of the registrar, to do any act or thing which may lawfully be done under this Act or any other law by the Registrar of Mining Titles.

(2) Any person holding at the commencement of this Act any office referred to in subsection (1) shall be deemed to have been appointed under this Act.

**Seal of office.**

**4.** The registrar shall have a seal of office which shall be affixed to all deeds or documents executed, attested or registered by him, and to all copies of deeds or documents issued by him to serve in lieu of the original deeds or documents.

(xviii) „sertifikaat van voorbehoud van 'n handelsterrein" 'n sertifikaat uitgereik kragtens artikel 130 van die Wet op Mynregte, 1967, of 'n ooreenstemmende bepaling van 'n vorige wet; (iii)

(xix) „skatpligtige ooreenkoms" 'n notariële akte waarby die houer van myntitel ten opsigte van edelmetale, onedele minerale of aardolie die reg verleen om in en onder die grond waaroor bedoelde myntitel gehou word, te myn, en om vir die regsverkryger se eie gewin en rekening edelmetale, onedele minerale of aardolie wettiglik gewin deur aldus te myn, te herwin en daaroor te beskik, onderworpe aan die bedinge en voorwaardes, as daar is, waarop die myntitel verleen is en aan die betaling aan bedoelde houer van 'n tantième ten opsigte van die edelmetale, onedele minerale of aardolie aldus gewin; (xxiii)

(xx) „standplaastitel" die lisensie, akte van toekenning of ander akte of dokument waarkragtens 'n standplaas gehou word; (xx)

(xxi) „transportbesorger" iemand wat as sodanig in die Republiek praktiseer; (iv)

(xxii) „verbandakte" of „verband" 'n verbandakte deur die registrateur geattesteer, waarby enige myntitel, skatpligtige ooreenkoms, standplaastitel, oppervlakteregpermit, waterreg, sertifikaat van voorbehoud van 'n handelsterrein, persoonlike serwituut of bewaarplaas of enige geregistreerde huur of onderhuur spesiaal verhipotekeer word; (ix)

(xxiii) „voorgeskryf" deur of kragtens hierdie Wet voorgeskryf; (xiv)

(xxiv) „waterreg" 'n reg toegeken ingevolge Hoofstuk XI van die Wet op Mynregte, 1967, of 'n ooreenstemmende bepaling van 'n vorige wet. (xxiv)

## HOOFSTUK II.

### ADMINISTRASIE.

**Mynbriewekantoor.**

**2.** (1) Die Mynbriewekantoor by artikel 3 van die „Registration of Deeds and Titles Act, 1909" (Wet No. 25 van 1909), van Transvaal, te Johannesburg ingestel, bly voortbestaan ondanks die herroeping van daardie Wet by artikel 67 van hierdie Wet, en is die Mynbriewekantoor vir die registrasie van alle myntitels en standplaastitels en van alle ander regte, aktes en dokumente vir die registrasie waarvan in bedoelde kantoor in hierdie Wet of enige ander wet voorsiening gemaak word.

(2) Daar word met alle aktes en dokumente wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by die Mynbriewekantoor vir registrasie ingedien is, gehandel asof hierdie Wet nie aangeneem is nie.

(3) Geen reg om te myn wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is of kan word, word by die toepassing van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), geag 'n huur van 'n reg op minerale te wees nie.

**Aanstellings.**

**3.** (1) Met inagneming van die wetsbepalings op die Staatsdiens—

(*a*) stel die Minister 'n Registrateur van Mynbriewe aan wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede en pligte verrig wat by hierdie Wet of ander wetsbepalings aan hom verleen of opgedra word en die ander bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat die Minister aan hom verleen of opdra;

(*b*) kan die Minister 'n Adjunk-registrateur van Mynbriewe en een of meer Assistent-registrateurs van Mynbriewe aanstel wat, behoudens die bepalings van hierdie Wet en die opdragte van die registrateur, bevoeg is om enige handeling te verrig of enigiets te doen wat wettiglik deur die Registrateur van Mynbriewe ingevolge hierdie Wet of ander wetsbepalings verrig of gedoen kan word.

(2) Iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n in subartikel (1) vermelde amp beklee, word geag kragtens hierdie Wet aangestel te wees.

**Ampseël.**

**4.** Die registrateur het 'n ampseël wat geheg moet word aan alle deur hom verlyde, geattesteerde of geregistreerde aktes of dokumente en aan alle kopieë van aktes of dokumente deur hom uitgereik om in die plek van die oorspronklike aktes of dokumente te dien.

Duties of registrar.

5. (1) The registrar shall be in charge of the Mining Titles Office and shall, subject to the provisions of this Act—

(*a*) take charge of and preserve all records which prior to the commencement of this Act were or after such commencement may become records of the Mining Titles Office: Provided that the registrar may, with due regard to any regulations made under section 10 (1) (*k*), destroy or otherwise dispose of any record which has been cancelled in terms of this section;

(*b*) examine all deeds, plans or other documents submitted to him for execution, registration, recording, noting or filing of record in his office, and after examination reject any such deed, plan or other document the execution, registration, recording, noting or filing of which is not permitted by this Act or by any other law or to the execution, registration, recording, noting or filing of record of which any other valid objection exists: Provided that no such deed, plan or document shall be required to be examined in its entirety before being rejected;

(*c*) register all mining titles and stand titles, bewaarplaatsen, certificates of bezitrecht, certificates of owner's reservation, certificates of reservation of trading sites, certificates of title in respect of mining claims, certificates of water reservation for owners, diagrams, grants of machinery sites, grants of water rights, mynpacht-brieven, permits to retain and treat residues, prospecting licences, plans and surface right permits, and generally all documents evidencing title which by law, established custom or usage are proper for registration in the Mining Titles Office;

(*d*) register nomination agreements and cessions thereof and any renewal, modification, abandonment or cancellation of any such agreement;

(*e*) register mining leases granted under any law relating to prospecting and mining for precious metals, base minerals or natural oil and any transfer, cession, amendment, modification, abandonment or cancellation of any such lease;

(*f*) register tributing agreements and any cession, amendment, renewal, modification, variation or cancellation of any such agreement;

(*g*) attest or execute and register deeds of transfer and deeds of cession of rights, and execute and register certificates of title to rights;

(*h*) attest and register mortgage bonds;

(*i*) register cessions (including cessions made as security) of registered mortgage bonds, and register cancellations of such cessions if made as security;

(*j*) register cancellations of registered mortgage bonds, releases of any part of the rights hypothecated thereby or of all such rights if the debt is further secured by a collateral bond, releases of any joint debtor or of any surety in respect of any such bond, the substitution of another person for a debtor in respect of any such bond, reductions of cover in respect of any such bond intended to secure future debts, and part payments of the capital amount due in respect of any such bond other than a bond intended to secure future debts;

(*k*) register waivers of preference in respect of registered mortgage bonds with regard to the whole or any part of the rights hypothecated thereby, in favour of other bonds, whether registered or about to be registered;

(*l*) register any servitude over any right capable of being encumbered by servitude by virtue of the provisions of any law relating to prospecting and mining, and record any amendment, modification, abandonment or extinction of any registered servitude;

(*m*) register notarial leases, sub-leases and cessions of leases or sub-leases of any right capable of being leased by virtue of the provisions of any law relating to prospecting and mining, and notarial amendments of such leases and sub-leases and notarial renewals

**Pligte van registrateur.**

5. (1) Die registrateur is in bevel van die Mynbriewekantoor en moet, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet—

(*a*) alle stukke wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet stukke van die Mynbriewekantoor was of na daardie inwerkingtreding stukke van daardie Kantoor word, onder sy sorg neem en bewaar: Met dien verstande dat die registrateur, met inagneming van enige regulasies kragtens artikel 10 (1) (*k*) uitgevaardig, enige ingevolge hierdie artikel gerojeerde stuk kan vernietig of anders daaroor kan beskik;

(*b*) alle aktes, planne of ander dokumente ondersoek wat aan hom vir verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring in sy kantoor voorgelê word, en na gedane ondersoek so 'n akte, plan of ander dokument afwys waarvan die verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring nie deur hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling veroorloof word nie of teen die verlyding, registrasie, optekening, aantekening of bewaring waarvan daar 'n ander geldige beswaar bestaan: Met dien verstande dat so 'n akte, plan of dokument nie in sy geheel ondersoek hoef te word alvorens dit afgewys word nie;

(*c*) alle myntitels en standplaastitels, bewaarplase, sertifikate van besitreg, sertifikate van eienaarsvoorbehoud, sertifikate van voorbehoud van handelsterreine, sertifikate van titel ten opsigte van mynkleims, sertifikate van watervoorbehoud vir eienaars, kaarte, toekennings van masjinerieterreine, waterregtoekennings, mynpagbriewe, permitte om residu's te behou en te behandel, prospekteerlisensies, planne en oppervlakteregpermitte, en in die algemeen alle dokumente by wyse van titelbewys uitgereik, registreer wat ingevolge 'n wetsbepaling, gevestigde gebruik of gewoonte tereg in die Mynbriewekantoor geregistreer kan word;

(*d*) benoemingsooreenkomste en sessies daarvan en enige hernuwing, verandering, opsegging of kansellasie van so 'n ooreenkoms registreer;

(*e*) mynhure toegeken kragtens 'n wetsbepaling in verband met die prospekteer na en ontginning van edelmetale, onedele minerale of aardolie en enige oordrag, sessie, wysiging, verandering, opsegging of intrekking van so 'n huur registreer;

(*f*) skatpligtige ooreenkomste en enige sessie, wysiging, hernuwing, verandering, afwyking of kansellasie van so 'n ooreenkoms registreer;

(*g*) aktes van oordrag en aktes van sessie van regte attesteer of verly en registreer, en sertifikate van titel ten opsigte van regte verly en registreer;

(*h*) verbandaktes attesteer en registreer;

(*i*) sessies (met inbegrip van sessies wat by wyse van sekuriteit geskied) van geregistreerde verbande registreer, en rojerings registreer van sodanige sessies wat by wyse van sekuriteit geskied het;

(*j*) rojerings van geregistreerde verbande, bevrydings van enige deel van die daarby beswaarde regte of van al daardie regte indien die skuld verder verseker is deur 'n aanvullende verband, bevrydings van 'n medeskuldenaar of van 'n borg ten opsigte van so 'n verband, die vervanging van 'n skuldenaar ten aansien van so 'n verband deur 'n ander persoon, verminderings van dekking ten opsigte van so 'n verband wat bedoel is om toekomstige skulde te verseker, en gedeeltelike afbetalings van die hoofsom verskuldig ten opsigte van 'n ander sodanige verband as een bedoel om toekomstige skulde te verseker, registreer;

(*k*) afstand van voorrang ten opsigte van geregistreerde verbande met betrekking tot die geheel of 'n deel van die daarby beswaarde regte, ten gunste van ander verbande registreer, hetsy hulle reeds geregistreer is of op die punt staan om geregistreer te word;

(*l*) 'n serwituut oor 'n reg wat uit hoofde van 'n wetsbepaling in verband met prospektering en ontginning met serwituut beswaar kan word, registreer, en enige wysiging, verandering, opsegging of uitwissing van 'n geregistreerde serwituut aanteken;

(*m*) notariële hure, onderhure en sessies van hure of onderhure van 'n reg wat uit hoofde van 'n wetsbepaling in verband met prospektering en ontginning verhuur kan word, en notariële wysigings van sodanige hure en onderhure en notariële hernuwings en

and notarial cancellations of such leases and sub-leases and notarial releases of any part of the rights leased;

(*n*) register prospecting contracts and notarial variations, extensions, renewals and cessions thereof and cancellations of such contracts;

(*o*) register against any registered mortgage bond any agreement entered into by the mortgagor and the holder of that bond, whereby any terms of that bond have been varied;

(*p*) register powers of attorney whereby the agents named therein are authorized to act generally for the principals, or to carry out a series of acts or transactions registrable in the Mining Titles Office, and register copies of any such powers registered in a deeds registry, which have been certified by the registrar thereof or have been issued for the purpose of being acted upon in the Mining Titles Office by a Registrar or Master of the Supreme Court of South Africa or a mining commissioner in his capacity as a registration officer;

(*q*) in connection with the registration of any deed or other document, or in compliance with the requirements of any law or order of court, make such endorsements on any registered deed or other document as may be necessary to give effect to such registration or to the objects of such law or order of court;

(*r*) record all notices, returns, statements or orders of court lodged with him in terms of any law;

(*s*) give notice to the mining commissioner of any mining district of registrations effected in relation to any rights in that district;

(*t*) record the conversion, renewal, modification, abandonment, lapsing or cancellation of any mining title or stand title or of any other rights evidenced by any registered title deed or by any grant, certificate, permit or licence registered, recorded, noted or filed in the Mining Titles Office;

(*u*) note and record the issue, cancellation, extension or lapsing of any permission granted under the Mining Rights Act, 1967, or any other law, for the noting and recording whereof in the Mining Titles Office provision is made in this Act or the Mining Rights Act, 1967, or such other law;

(*v*) note and record the granting or cancellation of any prospecting lease or any prospecting and digging agreement in respect of precious stones, the noting and recording whereof in the Mining Titles Office is deemed expedient by the Minister;

(*w*) keep such registers and records and make such entries therein as may be necessary for the purpose of carrying out the provisions of this Act or any other law and of maintaining an efficient system of registration calculated to afford security of title and ready reference to any registered deed or document; and

(*x*) generally discharge all such duties as by law may or are to be discharged by him or are necessary to give effect to the provisions of this Act or any other law.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), no mortgage bond shall be registered against, and no deed of transfer or deed of cession shall be attested or executed and registered in respect of any lease granted under section 21, 72 or 74 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or corresponding provisions of a prior law, except with the written consent of the Minister.

**Powers of registrar.**

**6.** (1) The registrar shall have power—

(*a*) to require the production of any deeds or documents or of proof upon affidavit or otherwise of any fact necessary to be established in connection with any matter or thing sought to be performed or effected in the Mining Titles Office;

(*b*) to rectify in any deed or other document recorded, noted, registered or filed in the Mining Titles Office, any error in the name or the description of any person or right mentioned therein or in the conditions affecting

notariële kansellasies van sodanige hure en onderhure en notariële bevrydings van 'n deel van die verhuurde regte, registreer;

(*n*) prospekteerkontrakte en notariële wysigings, verlengings, hernuwings en sessies daarvan en kansellasies van sodanige kontrakte registreer;

(*o*) 'n ooreenkoms teen 'n geregistreerde verband registreer wat deur die verbandskuldenaar en die verbandhouer aangegaan is en waardeur enige bedinge van die verband gewysig is;

(*p*) prokurasies registreer waarby die daarin genoemde lashebbers gemagtig word om oor die algemeen namens hul lasgewers te handel of om 'n reeks handelinge of transaksies uit te voer wat in die Mynbriewekantoor registreerbaar is en kopieë registreer van sodanige prokurasies wat in 'n aktekantoor geregistreer is en wat deur die registrateur daarvan gesertifiseer is of deur 'n Registrateur of Meester van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of 'n mynkommissaris in sy hoedanigheid van 'n registrasiebeampte uitgereik is met die doel om in die Mynbriewekantoor gebruik te word;

(*q*) in verband met die registrasie van 'n akte of ander dokument, of ter voldoening aan die voorskrifte van 'n wet of hofbevel, die aantekeninge op enige geregistreerde akte of ander dokument aanbring wat nodig is om aan daardie registrasie of aan die oogmerke van daardie wet of hofbevel gevolg te gee;

(*r*) aantekening hou van alle kennisgewings, opgawes, state of hofbevele ingevolge 'n wetsbepaling by hom ingedien;

(*s*) aan die mynkommissaris van 'n myndistrik kennis gee van registrasies met betrekking tot regte in daardie distrik bewerkstellig;

(*t*) aantekeninge hou van die omskepping, hernuwing, verandering, opsegging, verval of intrekking van 'n myntitel of standplaastitel of van ander regte wat bewys word deur 'n geregistreerde titelbewys of deur 'n toekenning, sertifikaat, permit of lisensie wat in die Mynbriewekantoor geregistreer of aangeteken is of daarin bewaar word;

(*u*) aantekening maak en hou van die uitreiking, intrekking, verlenging of verval van 'n kragtens die Wet op Mynregte, 1967, of ander wetsbepalings verleende vergunning of toestemming vir die aantekening waarvan in die Mynbriewekantoor by hierdie Wet of die Wet op Mynregte, 1967, of daardie ander wetsbepalings voorsiening gemaak word;

(*v*) aantekening maak en hou van die toekenning of intrekking van 'n prospekteerhuur of 'n prospekteer- en delfooreenkoms ten opsigte van edelgesteentes waarvan die aantekening in die Mynbriewekantoor deur die Minister raadsaam geag word;

(*w*) die registers en stukke hou en die inskrywings daarin doen wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Wet of ander wetsbepalings te voldoen en om 'n doeltreffende registrasiestelsel in stand te hou wat daarop bereken is om eiendomsregte te beveilig en te verseker dat enige geregistreerde akte of dokument geredelik nageslaan sal kan word; en

(*x*) oor die algemeen alle werksaamhede verrig wat regtens deur hom verrig kan of moet word of wat nodig is om aan die bepalings van hierdie Wet of ander wetsbepalings gevolg te gee.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1), word sonder die skriftelike toestemming van die Minister geen verband teen 'n huur toegeken kragtens artikel 21, 72 of 74 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of ooreenstemmende bepalings van 'n vorige wet geregistreer en geen akte van oordrag of akte van sessie ten opsigte van so 'n huur geattesteer of verly en geregistreer nie.

**Bevoegdhede van registrateur.**

**6.** (1) Die registrateur is bevoeg—

(*a*) om die voorlegging van aktes of dokumente te eis of om die lewering van bewys by beëdigde verklaring of andersins te vorder van enige feit wat bewys moet word in verband met 'n aangeleentheid of saak waarvan die verrigting of uitvoering in die Mynbriewekantoor verlang word;

(*b*) om in 'n akte of ander dokument wat in die Mynbriewekantoor aangeteken of geregistreer is of daarin bewaar word, 'n fout betreffende die naam of die beskrywing van 'n daarin vermelde persoon of reg of die voor-

any such right, if every person appearing from the deed or other document to be interested in the rectification has in writing consented thereto or the court has ordered such rectification: Provided that no such rectification shall be effected which would have the effect of transferring any right;

(*c*) under such conditions as may be prescribed, to issue certified copies of deeds, plans or other documents registered or filed in the Mining Titles Office;

(*d*) if in his opinion any deed or other document submitted to him has become illegible or unserviceable, to require that a certified copy thereof be provided to take its place;

(*e*) to rectify any error in the numerical data, figure or wording of any plan registered or filed in the Mining Titles Office or to substitute another plan for a plan so registered or filed which in his opinion has become illegible or unserviceable.

(2) Where any error to be rectified in terms of subsection (1) (*b*) is common to two or more deeds or other documents, including any register in the Mining Titles Office, the error shall be rectified in all those deeds or other documents.

(3) The registrar shall in case of dispute perform all the functions of a taxing officer of the court in relation to fees charged by conveyancers and notaries public for performing any acts which are required or permitted under this Act to be performed by conveyancers or notaries public in connection with deeds or other documents executed, registered or filed or intended to be executed, registered or filed in the Mining Titles Office or in relation to fees charged by other legal practitioners in connection with the preliminary work necessary for the purpose of any such deed or document.

**Registered deeds not to be cancelled except upon an order of court.**

**7.** (1) Save as is otherwise provided in this Act or in any other law, no registered deed of grant, deed of transfer, certificate of title or other deed conferring or conveying title to any right, and no cession of any registered mortgage bond not made as security, shall be cancelled by the registrar except upon an order of court.

(2) Upon the cancellation as provided in subsection (1) of any deed conferring or conveying title to any right otherwise than by way of a mortgage bond, the deed (if any) under which such right was held immediately prior to the registration of the deed which is cancelled, shall, subject to the provisions of subsection (3), be revived to the extent to which the cancelled deed related thereto, and the registrar shall cancel the relevant endorsement thereon evidencing the registration of the cancelled deed and make all necessary entries in the appropriate registers.

(3) If the right referred to in any deed mentioned in subsection (1) was not prior to the registration of such deed held under a deed or title of which a registry duplicate is filed in the Mining Titles Office, the registrar shall require the holder of such right to obtain, and shall upon payment to him of the prescribed fees issue and register a certificate of registered title in the form prescribed, and such certificate shall replace any such prior deed or title.

**Inspection of records and supply of information.**

**8.** (1) The registrar shall on such conditions as may be prescribed and upon payment of the prescribed fees, permit any member of the public to inspect the public registers and other public records in the Mining Titles Office, other than the index to such registers or records, and to make copies of those records or extracts from those registers and to obtain such other information concerning deeds or other documents registered or filed in the said Office as prior to the commencement of this Act could customarily be made or obtained.

(2) No fee shall be payable under subsection (1) in respect of any search or inspection made—

(*a*) by a conveyancer or notary public in connection with any deed which he has been instructed to prepare, attest or lodge in the Mining Titles Office; or

(*b*) by any land surveyor or mine surveyor in connection with any survey which he has been instructed or is required to perform; or

waardes van toepassing in verband met so 'n reg te verbeter, indien elkeen wat volgens die inhoud van die akte of ander dokument blykbaar by die verbetering belang het, skriftelik daartoe ingestem het of die hof bedoelde verbetering gelas het: Met dien verstande dat so 'n verbetering wat die oordrag van 'n reg tot gevolg sou hê, nie aangebring word nie;

(*c*) om op die voorgeskrewe voorwaardes gesertifiseerde kopieë uit te reik van aktes, planne of ander dokumente wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is of daarin bewaar word;

(*d*) om 'n gesertifiseerde kopie van 'n akte of ander dokument aan hom voorgelê, wat na sy oordeel onleesbaar of onbruikbaar geword het, ter vervanging daarvan te eis;

(*e*) om 'n fout in die numerieke gegewens, figuur of bewoording op 'n plan wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is of daarin bewaar word, te verbeter of 'n plan aldus geregistreer of bewaar wat volgens sy oordeel onleesbaar of onbruikbaar geword het, deur 'n ander plan te vervang.

(2) Waar 'n fout wat ingevolge subartikel (1) (*b*) verbeter staan te word, in twee of meer aktes of ander dokumente, met inbegrip van 'n register in die Mynbriewekantoor, voorkom, moet die fout in al daardie aktes of ander dokumente verbeter word.

(3) Die registrateur moet by 'n geskil alle werksaamhede van 'n takseermeester van die hof verrig met betrekking tot gelde deur transportbesorgers en notarisse bereken vir die verrigting van handelinge wat kragtens hierdie Wet deur transportbesorgers of notarisse verrig moet of kan word in verband met aktes of ander dokumente wat in die Mynbriewekantoor verly, geregistreer of bewaar word of bedoel is om daarin verly, geregistreer of bewaar te word, of met betrekking tot gelde deur ander regspraktisyns ten opsigte van nodige voorlopige werk in verband met so 'n akte of dokument bereken.

**Geregistreerde aktes mag nie sonder hofbevel gerojeer word nie.**

**7.** (1) Behalwe vir sover hierdie Wet of 'n ander wet anders bepaal, rojeer die registrateur geen geregistreerde akte van toekenning, akte van oordrag, sertifikaat van titel of ander akte wat eiendomsreg op 'n reg verleen of oordra, en geen sessie van 'n geregistreerde verband wat andersins as by wyse van sekuriteit geskied het nie, behalwe op las van die hof.

(2) By die rojering, volgens voorskrif van subartikel (1), van 'n akte wat eiendomsreg op 'n reg anders as by wyse van 'n verband verleen of oordra, herleef die akte (as daar een is) waarkragtens bedoelde reg gehou was onmiddellik voor die registrasie van die akte wat gerojeer word, behoudens die bepalings van subartikel (3), vir sover die gerojeerde akte daarop betrekking gehad het, en rojeer die registrateur die betrokke endossement daarop wat as bewys van die registrasie van die gerojeerde akte dien en maak hy alle nodige inskrywings in die toepaslike registers.

(3) Indien die reg in 'n in subartikel (1) vermelde akte bedoel, nie vóór die registrasie van bedoelde akte gehou was uit hoofde van 'n akte of titelbewys waarvan 'n registrasieduplikaat in die Mynbriewekantoor bewaar word nie, sê die registrateur die houer van daardie reg aan om 'n sertifikaat van geregistreerde titel te verkry en moet hy by betaling aan hom van die voorgeskrewe gelde so 'n sertifikaat in die voorgeskrewe vorm uitreik en dit registreer, en bedoelde sertifikaat vervang so 'n vorige akte of titelbewys.

**Ondersoek van stukke en verskaffing van inligting.**

**8.** (1) Die registrateur moet enigeen uit die publiek op die voorgeskrewe voorwaardes en teen betaling van die voorgeskrewe gelde toelaat om die openbare registers en ander openbare stukke, behalwe die inhoudsopgawe van sodanige registers of stukke, in die Mynbriewekantoor in te sien, en kopieë van daardie stukke of uittreksels uit daardie registers te maak en die ander gegewens aangaande aktes of ander dokumente in bedoelde kantoor geregistreer of bewaar, te verkry wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet volgens gewoonte gemaak of verkry kon word.

(2) Geen gelde is ingevolge subartikel (1) betaalbaar ten opsigte van enige nasoeking of insae gedoen—

(*a*) deur 'n transportbesorger of notaris in verband met 'n akte waarvan die opstelling, attestasie of indiening by die Mynbriewekantoor aan hom opgedra is nie; of

(*b*) deur 'n landmeter of mynopmeter in verband met 'n opmeting wat aan hom opgedra is of wat hy moet onderneem nie; of

(c) by any sheriff or messenger of a magistrate's court or of a court of a Bantu Affairs Commissioner, or by the deputy of any such sheriff or messenger, in connection with the performance of his functions.

**Regulations Board.**

(*a*) in die verband uitdruklik beding word dat dit bestem is om toekomstige skulde oor die algemeen of een of ander bepaalde daarin beskrewe toekomstige skuld te verseker; en

(*b*) 'n som in die verband vasgestel word as 'n bedrag waarbo toekomstige skulde nie daardeur verseker word nie.

(2) 'n Verband word nie geag 'n verband te wees wat toekomstige skulde binne die bedoeling van subartikel (1) verseker nie op grond daarvan dat dit betaling deur die verbandgewer heet te verseker van die koste daaraan verbonde om enige sekuriteit in stand te hou en te gelde te maak of van brandassuransiepremies of van koste van kennisgewing of van bankkommissie.

**33.** 'n Sessie van 'n verband gegee om toekomstige voorskotte te verseker, kan geregistreer word, en die registrasie van so 'n sessie raak nie die bepalings van die verband met betrekking tot toekomstige voorskotte tot die bedrag in die verband vermeld of die bedrag soos verminder nie. Sessie van verband tot versekering van toekomstige voorskotte.

**34.** Behoudens die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet, attesteer en registreer die registrateur nie 'n verbandakte waarin die klousule, gewoonlik die algemene klousule genoem, voorkom wat die onroerende of roerende goed of geregistreerde regte van die skuldenaar of sowel daardie onroerende of roerende goed as daardie regte in die algemeen met verband heet te beswaar nie. Wering van algemene klousule uit verbandakte.

**35.** (1) Geen verbandakte mag deur twee of meer verbandgewers gepasseer word nie tensy dit die geregistreerde regte van elke verbandgewer heet te beswaar: Met dien verstande dat, ondanks die bepalings van artikel 31 (1), regte gehou onderhewig aan 'n voorwaarde dat by 'n sekere gebeurtenis daardie regte terugval aan 'n persoon in die voorwaarde genoem, deur die houer daarvan en bedoelde persoon beswaar mag word deur middel van 'n verband deur hulle gesamentlik en afsonderlik gepasseer, of met die skriftelike toestemming van bedoelde persoon deur die houer daarvan beswaar mag word, in welke geval die verbandakte na bedoelde toestemming moet verwys. Voorskrifte in geval van verbande deur of ten gunste van twee of meer persone gepasseer.

(2) Indien 'n verband deur twee of meer verbandgewers gepasseer word, word geen vrystelling van die verband—

(*a*) van enige verbandgewer en sy regte, of van 'n gedeelte van die regte van 'n verbandgewer, sonder die skriftelike toestemming van die ander verbandgewer of verbandgewers geregistreer nie;

(*b*) van al die regte van enige verbandgewer geregistreer nie, tensy daardie verbandgewer ook vrygestel word.

(3) Indien 'n verband deur twee of meer verbandgewers gepasseer word, kan geen afstand van voorrang deur die verbandhouer ten gunste van 'n verdere verbandakte op die regte van een van die verbandgewers sonder skriftelike toestemming van die ander verbandgewer of verbandgewers geregistreer word nie.

(4) No bond shall be passed in favour of two or more persons in which it is stipulated that the share of one bondholder shall rank in priority to the share of another, nor shall any transaction be registered which would have the effect of giving preference to one share in a bond over another share.

No bond to be passed in favour of an agent.

**36.** No bond shall be passed in favour of any person as the agent of a principal.

## CHAPTER VIII.

### Rights of Mortgagees.

Transfer or cession of mortgaged rights.

**37.** (1) No transfer or cession of any mortgaged right shall be attested, executed or registered by the registrar until the bond has been cancelled or the right has been released from the operation of the bond with the consent in writing of the holder thereof, or unless, in the case of any such mortgage bond which has been lost or destroyed, the registrar has on application by the registered holder thereof, cancelled the entry in his register in respect of such bond: Provided that no such cancellation or release shall be necessary if the transfer or cession is made—

(*a*) in execution of the judgment of any court (including a magistrate's court or a court of a Bantu Affairs Commissioner); or

(*b*) by the trustee of an insolvent estate, an executor liquidating and distributing an estate under section 34 of the Administration of Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965), the liquidator of a company which is unable to pay its debts and which is being wound up by or under the supervision of the court, or a liquidator or trustee elected or appointed under the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966); or

(*c*) in any other circumstances in this Act or in any other law specially provided or by order of the court.

(2) A consent to the release from the operation of a bond of all the rights mortgaged thereunder shall, except where the debt secured by such bond is further secured by a collateral bond, be deemed to be a consent to the cancellation of that bond.

Substitution of debtor in respect of a bond.

**38.** (1) If the holder (in this section referred to as the transferor) of rights which are hypothecated under a registered mortgage bond, other than a mortgage bond to secure the obligations of a surety (not being a person referred to in section 37 (1) (*b*)), transfers or cedes to another person (in this section referred to as the transferee) all the rights hypothecated thereunder, the registrar may, notwithstanding the provisions of section 37 (1), register the transfer or cession and substitute the transferee for the transferor as debtor in respect of the bond, provided there is produced to him, in duplicate, the written consent in the prescribed form of the holder of the bond and the transferee to the substitution of the transferee for the transferor as the debtor in respect of the bond for the amount of the debt disclosed therein or for such lesser amount as may be specified in such consent.

(2) In registering the transfer or cession the registrar shall—

(*a*) make an entry in the appropriate register setting forth—

(i) that the debt of the transferor secured by the bond is cancelled; and

(ii) that the transferee has become the debtor in respect of the bond;

(*b*) annex one duplicate of the written consent referred to in subsection (1) to the bond and file the other in his office and make a suitable reference on the registry duplicate of the bond to such filing;

(*c*) endorse upon the bond—

(i) the name of the transferee;

(ii) the date and number of the transfer or cession;

(iii) a reference to the said written consent; and

(iv) that the transferee has been substituted for the transferor as debtor in respect of the bond; and

(4) Geen verband kan ten gunste van twee of meer persone gepasseer word nie as daarin beding word dat aan die aandeel van die een verbandhouer 'n voorrang bo die aandeel van 'n ander toegeken word, en daar mag ook geen regshandeling geregistreer word wat bevoorregting van die een aandeel in 'n verband bo 'n ander aandeel ten gevolge sou hê nie.

**Verband word nie ten gunste van 'n verteenwoordiger gepasseer nie.**

**36.** Geen verband mag ten gunste van iemand as verteenwoordiger van 'n lasgewer gepasseer word nie.

## HOOFSTUK VIII.

### Regte van Verbandhouers.

**Oordrag of sessie van met verband beswaarde regte.**

**37.** (1) Geen oordrag of sessie van enige met verband beswaarde reg word deur die registrateur geattesteer, verly of geregistreer nie alvorens die verband gerojeer of die reg van die verband vrygestel is met die skriftelike toestemming van die verbandhouer, of tensy, in die geval van so 'n verbandakte wat verlore geraak het of vernietig is, die registrateur op aansoek van die geregistreerde houer daarvan die inskrywing in sy register ten opsigte van die verband gekanselleer het: Met dien verstande dat so 'n rojering of vrystelling nie nodig is nie as die oordrag of sessie geskied—

(*a*) om aan die vonnis van 'n hof (met inbegrip van 'n landdroshof of 'n hof van 'n Bantoesakekommissaris) gevolg te gee; of

(*b*) deur die kurator van 'n insolvente boedel, 'n eksekuteur wat 'n boedel kragtens artikel 34 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), beredder en verdeel, die likwidateur van 'n maatskappy wat sy skulde nie kan betaal nie en wat deur of onder toesig van die hof gelikwideer word, of 'n beredderaar of kurator ingevolge die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), gekies of aangestel; of

(*c*) in ander omstandighede waarvoor in hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling spesiaal voorsiening gemaak is of op bevel van die hof.

(2) Toestemming tot die vrystelling van 'n verband van al die regte wat daarkragtens beswaar is, word, behalwe waar die deur die verband versekerde skuld verder verseker is deur 'n bykomende verband, geag toestemming te wees tot die rojering van daardie verband.

**Vervanging van skuldenaar ten aansien van 'n verband.**

**38.** (1) Indien die houer (in hierdie artikel die oordraggewer genoem) van regte wat ingevolge 'n geregistreerde verband beswaar is, behalwe 'n verbandakte om die verpligtinge van 'n borg wat nie 'n in artikel 37 (1) (*b*) bedoelde persoon is nie, te verseker, alle regte wat daarby verhipotekeer is aan 'n ander persoon (in hierdie artikel die oordragnemer genoem) oordra of sedeer, kan die registrateur, ondanks die bepalings van artikel 37 (1), die oordrag of sessie registreer en die oordraggewer deur die oordragnemer vervang as skuldenaar ten opsigte van die verband, mits die skriftelike toestemming, in tweevoud en in die voorgeskrewe vorm, van die verbandhouer en die oordragnemer, tot die vervanging van die oordraggewer deur die oordragnemer as die skuldenaar ten opsigte van die verband vir die bedrag van die skuld daarin genoem of vir die kleiner bedrag in die toestemming bepaal, aan hom voorgelê word.

(2) By registrasie van die oordrag of sessie moet die registrateur—

(*a*) 'n inskrywing in die toepaslike register maak wat aandui—

(i) dat die deur die verband versekerde skuld van die oordraggewer gerojeer is; en

(ii) dat die oordragnemer die skuldenaar ten opsigte van die verband geword het;

(*b*) een afskrif van die skriftelike toestemming in subartikel (1) vermeld aan die verbandakte heg en die ander in sy kantoor bewaar, en 'n gepaste verwysing na sodanige bewaring op die registrasieduplikaat van die verbandakte aanbring;

(*c*) op die verbandakte aanteken—

(i) die naam van die oordragnemer;

(ii) die datum en nommer van die oordrag of sessie;

(iii) 'n verwysing na gemelde skriftelike toestemming; en

(iv) dat die oordraggewer deur die oordragnemer as skuldenaar ten opsigte van die verband vervang is; en

(*d*) make on the transfer deed or deed of cession an endorsement of mortgage containing the date and number of the bond and the amount due in terms thereof.

(3) As from the date of registration of the transfer or cession the transferor shall be absolved from any obligation secured by the bond and the transferee shall be substituted for him as the debtor in respect of such bond and shall be bound by the terms thereof in the same manner as if he had himself passed the bond and had renounced therein the benefit of all relevant exceptions.

(4) The provisions of this section shall not apply if the mortgaged rights are to be transferred or ceded—

(*a*) to a person who would not himself be competent to mortgage them; or

(*b*) to two or more persons, unless they take transfer or cession of the rights in undivided shares and renounce in the written consent referred to in subsection (1) the exception *de duobus vel pluribus reis debendi*; or

(*c*) to a woman unless in the said written consent she renounces any special legal exceptions which she would otherwise be entitled to raise.

**Return by Master in connection with insolvent estates and further provisions relative to insolvent estates.**

**39.** (1) If it appears from the liquidation account of any estate which has been sequestrated or from the vouchers relating thereto that a payment has been made to any creditor on account of a bond registered in the Mining Titles Office, the Master shall notify the payment to the registrar who shall thereupon write off the amount thereof in the appropriate register, on the registry duplicate of the bond and also, if available, on the original bond, and the holder of the bond shall deliver the bond to the Master who shall forward it to the registrar in order that the amount paid may be written off thereon.

(2) (*a*) Except in cases where an insolvent has been rehabilitated in pursuance of a composition made by him with his creditors, the Master shall from time to time transmit to the registrar a return specifying—

(i) the name and address of every person who has been rehabilitated after the sequestration of his estate; and

(ii) the rights and registered bonds appearing in the schedules lodged with the Master by or on behalf of such person or in the liquidation account of his estate,

and upon receipt of that return the registrar shall in accordance therewith, cancel in the appropriate registers all bonds registered therein against the rights of the said person prior to the sequestration of his estate and endorse the registry duplicates, and, if available, also the bonds themselves as cancelled.

(*b*) The holders of such bonds shall, when requested to do so by the Master, deliver the bonds to him, and the Master shall forward them to the registrar for cancellation.

(3) If any of the rights mentioned in the return referred to in subsection (2) have not yet been transferred or ceded by the trustee, the registrar shall note in the appropriate register that such rights have in terms of the law relating to insolvency vested in the trustee.

(4) Rights which have vested in a trustee in accordance with the provisions of the law relating to insolvency and which have not in terms of that law been revested in the insolvent may, whether before or after rehabilitation of the insolvent, be transferred or ceded only by the trustee, and shall not after such rehabilitation be transferred, ceded, mortgaged or otherwise dealt with by the insolvent until they have been transferred or ceded to him by the trustee: Provided that if after the rehabilitation the trustee has been discharged, or if there is no trustee in existence, the Master shall, if satisfied that the rehabilitated insolvent is entitled to the rights, give him transfer or cession thereof in such manner as may be prescribed.

(5) If by virtue of the provisions of the law relating to insolvency an insolvent has been revested with any rights, such rights shall not be transferred, ceded, mortgaged or otherwise dealt with by the insolvent until an endorsement that the rights have been restored to him has been made by the registrar on the title deed evidencing the rights: Provided that no such endorsement shall be made by the registrar if the rights are registered in the name of a partnership until the rights have been dealt with in terms of section 22.

(*d*) die verband op die akte van oordrag of sessie aanteken met vermelding van die datum en nommer van die verband en die bedrag wat daarvolgens verskuldig is.

(3) Vanaf die datum van registrasie van die oordrag of sessie is die oordraggewer bevry van enige verpligting deur die verband verseker en word hy deur die oordragnemer vervang as skuldenaar ten opsigte van daardie verband, en is die oordragnemer deur die bepalings daarvan gebind net asof hy self die verband gepasseer het en daarin van die voorreg van alle toepaslike eksepsies afstand gedoen het.

(4) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie as die met verband beswaarde regte oorgedra of gesedeer moet word—

(*a*) aan iemand wat nie self bevoeg sou wees om dit met 'n verband te beswaar nie; of

(*b*) aan twee of meer persone, tensy hulle oordrag of sessie van die regte neem in onverdeelde aandele en in die in subartikel (1) vermelde skriftelike toestemming afstand doen van die eksepsie *de duobus vel pluribus reis debendi*; of

(*c*) aan 'n vrouspersoon, tensy sy in die bedoelde skriftelike toestemming afstand doen van alle besondere eksepsies wat sy andersins geregtig sou gewees het om te opper.

**Opgawe deur Meester in verband met insolvente boedels en verdere bepalings omtrent insolvente boedels.**

**39.** (1) Indien uit die likwidasierekening van 'n boedel wat gesekwestreer is of uit die daarby behorende bewysstukke blyk dat betaling aan 'n skuldeiser geskied het op grond van 'n verband wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is, moet die Meester van die betaling kennis gee aan die registrateur wat daarop die betaalde bedrag afskryf in die toepaslike register, op die registrasieduplikaat van die verbandakte en ook, indien beskikbaar, op die oorspronklike verbandakte, en moet die verbandhouer die verbandakte oorhandig aan die Meester, wat dit aan die registrateur moet deurstuur sodat die betaalde bedrag daarop afgeskryf kan word.

(2) (*a*) Behalwe in gevalle waar 'n insolvente persoon gerehabiliteer is ten gevolge van 'n komposisie wat hy met sy skuldeisers aangegaan het, moet die Meester van tyd tot tyd aan die registrateur 'n opgawe stuur waarin aangegee word—

(i) die naam en adres van elkeen wat gerehabiliteer is na die sekwestrasie van sy boedel; en

(ii) die regte en geregistreerde verbande wat in die skedules wat deur of namens bedoelde persoon by die Meester ingedien is, of in die likwidasierekening van sy boedel vermeld word,

en by ontvangs van bedoelde opgawe moet die registrateur dienooreenkomstig in die toepaslike registers alle verbande wat daarin geregistreer is teen die regte van bedoelde persoon voor die sekwestrasie van sy boedel rojeer en die registrasieduplikate en, indien beskikbaar, ook die verbandaktes self as gerojeer aanteken.

(*b*) Die houers van bedoelde verbande moet die verbandaktes op versoek van die Meester aan hom oorhandig en die Meester moet hulle aan die registrateur vir rojering deurstuur.

(3) Indien enige van die regte vermeld in die opgawe waarna in subartikel (2) verwys word nog nie deur die kurator oorgedra of gesedeer is nie, moet die registrateur in die toepaslike register aanteken dat daardie regte kragtens die wetsbepalings op insolvensie op die kurator oorgegaan het.

(4) Regte wat kragtens die wetsbepalings op insolvensie op 'n kurator oorgegaan het en wat nie volgens daardie wetsbepalings aan die insolvente persoon teruggeval het nie, kan, hetsy voor of na rehabilitasie van die insolvente persoon, slegs deur die kurator oorgedra of gesedeer word, en die insolvente persoon kan na sy rehabilitasie dit nie oordra, sedeer, met verband beswaar of anders daaroor beskik nie, totdat die kurator dit aan hom oorgedra of gesedeer het: Met dien verstande dat indien die kurator na die rehabilitasie ontslaan is of daar geen kurator bestaan nie, die Meester die regte op die voorgeskrewe wyse aan die gerehabiliteerde insolvente persoon moet oordra of sedeer as hy oortuig is dat die insolvente persoon op die regte geregtig is.

(5) Indien regte uit hoofde van die wetsbepalings op insolvensie aan 'n insolvente persoon teruggeval het, kan die insolvente persoon daardie regte nie oordra, sedeer, met verband beswaar of anders daaroor beskik nie, totdat 'n aantekening dat die regte aan hom teruggegee is deur die registrateur op die titelbewys van die regte aangebring is: Met dien verstande dat indien die regte op naam van 'n vennootskap geregistreer is, geen sodanige aantekening deur die registrateur aangebring word totdat daar ooreenkomstig artikel 22 met die regte gehandel is nie.

(6) Nothing in this section contained shall be construed as modifying any provision of the law relating to insolvency.

(7) The provisions of this section shall apply *mutatis mutandis* in respect of—

(*a*) estates liquidated and distributed under section 34 of the Administration of Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965);

(*b*) companies which are unable to pay their debts and are liquidated or wound up by or under the supervision of the court under the law relating to companies; and

(*c*) assets of an applicant under the Agricultural Credit Act, 1966 (Act No. 28 of 1966), which are administered by a liquidator or trustee who has received from the Master a certificate mentioned in section 29 of the said Act.

**Endorsement on bond after sale in execution.**

**40.** Whenever any mortgaged rights have been sold in execution of a judgment of a competent court, or under express authority contained in a special law, to satisfy any debt due in respect of a registered bond or otherwise, and the proceeds of the sale have been paid to the legal holder of the bond, the sheriff or deputy sheriff or messenger concerned or the person acting under the authority of such special law shall notify to the registrar how much of the capital sum due in terms of the bond has been paid, and shall transmit the bond to the registrar who shall thereupon write off the amount so paid in the appropriate registers and on the bond and the registry duplicate thereof.

## CHAPTER IX.

### SERVITUDES, CONTRACTS, TRIBUTING AGREEMENTS AND LEASES.

**Registration of servitudes and contracts.**

**41.** (1) Save as otherwise provided in this Act or in any other law, any servitude or contract referred to in section 5 (1) (*l*) or (*n*) shall be created by means of a deed executed before and attested by a notary public, and any amendment, modification, cession or cancellation of such a servitude or contract shall likewise be effected by notarial deed: Provided that if any such servitude or contract has lapsed by effluxion of time or for any other reason, the registrar may, on written application by or on behalf of the holder of the right encumbered thereby, accompanied by proof of such lapsing, the title deed evidencing the right and, if available, the deed of servitude or contract, note on such title deed and on such deed of servitude or contract, if such deed or contract has been produced, that such servitude or contract has lapsed.

(2) Each notarial deed shall contain a sufficient description of the rights encumbered by the servitude or contract together with a reference to the diagram, if any, defining the servitude or the rights or any part thereof to which the notarial deed relates, unless such servitude or such rights or portion thereof are in the opinion of the registrar sufficiently described in such deed, and shall mention the title deed evidencing the encumbered rights.

(3) (*a*) For the purposes of the registration of the notarial deed there shall be produced a signed original of the deed to be filed in the Mining Titles Office as the registry duplicate, together with such further originals or grosses or copies certified by a notary public as may be prescribed and the title deed evidencing the rights affected.

(*b*) Subject to the provisions of subsection (2), diagrams setting out the extent to which rights are affected by the servitude or contract shall be bound with each original, registry duplicate and grosse of the deeds.

(4) If the servient rights or the rights to which the contract relates are mortgaged or subject to any other encumbrance with which the servitude or contract may conflict, the bond or other registered deed evidencing such other encumbrance, shall be produced together with the consent in writing of the legal holder thereof to the registration of the servitude or contract.

(5) The provisions of subsections (1), (2) and (3) shall *mutatis mutandis* apply in connection with tributing agreements.

**Restriction of registration of personal servitudes.**

**42.** (1) No servitude of usufruct, *usus* or *habitatio* purporting to extend beyond the lifetime of a person in whose favour it is created, and no transfer or cession of such a servitude to any person other than the holder of the right encumbered thereby, shall be registered.

(6) Die bepalings van hierdie artikel word nie so uitgelê dat dit die wetsbepalings op insolvensie wysig nie.

(7) Die bepalings van hierdie artikel is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van—

(*a*) boedels wat kragtens artikel 34 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), beredder en verdeel word;

(*b*) maatskappye wat hulle skulde nie kan betaal nie en wat ingevolge die wetsbepalings op maatskappye deur of onder toesig van die hof gelikwideer word; en

(*c*) bates van 'n applikant ingevolge die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet No. 28 van 1966), wat beheer word deur 'n beredderaar of kurator wat van die Meester 'n in artikel 29 van daardie Wet vermelde sertifikaat ontvang het.

**Aantekening op verbandakte na eksekutoriale verkoping.**

**40.** Wanneer met verband beswaarde regte verkoop is ter voltrekking van die vonnis van 'n bevoegde hof of ingevolge uitdruklike magtiging by 'n besondere wet verleen, om 'n skuld te betaal wat ten opsigte van 'n geregistreerde verband of andersins verskuldig is, en die opbrengs van die verkoping aan die wettige houer van die verband uitbetaal is, moet die betrokke balju of onderbalju of geregsbode of die persoon wat kragtens bedoelde besondere wet optree, die registrateur in kennis stel van die bedrag van die volgens die verband verskuldigde hoofsom wat afbetaal is, en die verbandakte aan die registrateur stuur wat dan die aldus betaalde bedrag in die toepaslike registers en op die verbandakte en die registrasieduplikaat daarvan moet afskryf.

## HOOFSTUK IX.

### SERWITUTE, KONTRAKTE, SKATPLIGTIGE OOREENKOMSTE EN HURE.

**Registrasie van serwitute en kontrakte.**

**41.** (1) Behalwe vir sover hierdie Wet of 'n ander wetsbepaling anders bepaal, moet enige in artikel 5 (1) (*l*) of (*n*) vermelde serwituut of kontrak in die lewe geroep word deur middel van 'n akte wat voor 'n notaris verly en deur hom geattesteer is, en moet enige wysiging, verandering, sessie of rojering van so 'n serwituut of kontrak insgelyks by wyse van 'n notariële akte geskied: Met dien verstande dat, indien so 'n serwituut of kontrak weens tydsverloop of om 'n ander rede verstryk het, die registrateur op skriftelike aansoek deur of ten behoewe van die houer van die daarby beswaarde reg, vergesel van bewys van sodanige verstryking, die titelbewys van die reg en, indien beskikbaar, die akte van serwituut of kontrak, op bedoelde titelbewys en op bedoelde akte van serwituut of kontrak indien oorgelê, kan aanteken dat daardie serwituut of kontrak verstryk het.

(2) Elke notariële akte moet 'n voldoende beskrywing bevat van die regte wat deur die serwituut of kontrak beswaar word, asook 'n verwysing na die kaart, as daar een is, wat die serwituut of die regte of enige gedeelte van die regte beskryf waarop die notariële akte betrekking het, tensy bedoelde serwituut of bedoelde regte of gedeelte daarvan na die oordeel van die registrateur in voldoende mate in die betrokke akte omskryf word, en moet die titelbewys van die beswaarde regte vermeld.

(3) (*a*) Vir die doeleindes van die registrasie van die notariële akte moet 'n ondertekende oorspronklike eksemplaar voorgelê word van die akte wat in die Mynbriewekantoor as die registrasieduplikaat bewaar moet word, tesame met die voorgeskrewe verdere oorspronklike eksemplare of grosses of afskrifte deur 'n notaris gewaarmerk en die titelbewys van die regte wat geraak word.

(*b*) Behoudens die bepalings van subartikel (2), moet kaarte wat uiteensit in watter mate regte deur die serwituut of kontrak geraak word, saam met elke oorspronklike eksemplaar, registrasieduplikaat en grosse van die aktes gebind word.

(4) Indien die dienende regte of die regte waarop die kontrak betrekking het deur verband beswaar of aan 'n ander beswaring onderhewig is waarteen die serwituut of kontrak sou kon indruis, moet die verband of ander geregistreerde akte wat van die beswaring getuig, tesame met die skriftelike toestemming van die wettige houer daarvan tot die registrasie van die serwituut of kontrak voorgelê word.

(5) Die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met skatpligtige ooreenkomste.

**Beperking van registrasie van persoonlike serwitute.**

**42.** (1) Geen serwituut van vruggebruik, *usus* of *habitatio* wat heet te strek tot na die dood van die persoon in wie se guns dit in die lewe geroep is, en geen oordrag of sessie van so 'n serwituut aan 'n ander persoon as die houer van die regte wat daardeur beswaar word, word geregistreer nie.

(2) Notwithstanding the provisions of section 41, a personal servitude may be reserved by condition in a deed of transfer or cession of a right, if the reservation is in favour of the transferor or cedent, or in favour of the transferor or cedent and his spouse or the survivor of them if they are married in community of property, or in favour of the surviving spouse if transfer or cession is passed from the joint estate of spouses who were married in community of property.

Registration of lapse of personal servitude.

**43.** (1) If for any reason a personal servitude has lapsed, the registrar shall, on written application by or on behalf of the holder of the right encumbered thereby, accompanied by proof of the lapse of the servitude, the title deed evidencing the right and, if available, the title deed, if any, evidencing the servitude, note on the title deed of the right and of the servitude, if the title deed evidencing the servitude has been produced, that the servitude has lapsed.

(2) Cancellation of the registration of a personal servitude in pursuance of an agreement between the holder of the right encumbered and the holder of the servitude shall be effected by notarial deed, but no such deed relating to any such servitude which is mortgaged, shall be registered unless the mortgagee has in writing consented to the cancellation of the bond or the release of the servitude from its operation.

Transfer, cession and mortgage of rights with personal servitude thereon.

**44.** (1) If the holder of a right subject to a personal servitude and the holder of that servitude have disposed of the right or any portion thereof together with the rights of servitude to any other person, they may together give transfer or cession thereof to that other person.

(2) The deed of transfer or cession shall describe the transferor or cedent as the holder of the right and holder of the servitude, respectively, but no mention of the servitude shall be made in the description of the right therein.

(3) The holder of a right subject to a personal servitude and the holder of that servitude may together mortgage the right to the full extent of their respective interests therein.

(4) The holder of the right and the holder of the servitude may either of them as principal debtor mortgage the right or the servitude and the other of them may in the same bond mortgage the servitude or the right as surety.

Joint transactions by fiduciary and fideicommissary.

**45.** (1) Where the holder of a right subject to a *fideicommissum* and the fideicommissary, if the latter is competent so to do, have disposed of the right or any portion thereof, together with the fideicommissary rights, to any other person, they may together give transfer or cession thereof to that other person.

(2) The deed of transfer or cession shall describe the transferor or cedent as the holder of the right and the holder of the fideicommissary right, respectively, but no mention of the fideicommissary right shall be made in the description of the right therein.

(3) The holder of a right subject to a *fideicommissum* and the fideicommissary, if the latter is competent so to do, may together mortgage the right to the full extent of their respective interests therein.

Registration of leases and sub-leases.

**46.** (1) (*a*) Save where provision to the contrary is made in any law, any lease or sub-lease of any right capable of being leased by virtue of the provisions of any law relating to prospecting and mining, and any cession of such a lease or sub-lease intended or required to be registered in the Mining Titles Office, shall be executed by the lessor and the lessee or by the lessee and the sub-lessee or by the cedent and the cessionary and shall be attested by a notary public.

(*b*) Any such lease shall be registered for the full term thereof, including periods of renewal.

(2) If the right leased or sub-leased is mortgaged or subject to rights of any other person it shall not be necessary for purposes of registration of the lease or sub-lease or any cession thereof to produce the bond or the other deed whereby such rights are held or the consent of the legal holder thereof.

Termination of registered lease.

**47.** (1) When a registered lease or sub-lease has terminated, the registrar shall on written application by the holder of the right affected thereby or the holder of the lease, accompanied by proof of the termination of the lease or sub-lease and, in

(2) Ondanks die bepalings van artikel 41 kan 'n persoonlike serwituut deur 'n voorwaarde in 'n akte van oordrag of sessie van 'n reg uitgehou word, indien die uithouding ten gunste van die oordraggewer of sedent is, of ten gunste van die oordraggewer of sedent en sy eggenote of die langslewende van hulle as hul in gemeenskap van goed getroud is, of ten gunste van die langslewende eggenoot indien oordrag of sessie gegee word uit die gemeenskaplike boedel van eggenote wat in gemeenskap van goed getroud was.

Registrasie van verval van persoonlike serwituut.

**43.** (1) Indien 'n persoonlike serwituut om die een of ander rede verval het, moet die registrateur op skriftelike aansoek deur of ten behoewe van die houer van die daarmee beswaarde reg, vergesel van bewys dat die serwituut verval het, die titelbewys van die reg en, indien beskikbaar, die titelbewys, as daar een is, van die serwituut, op die titelbewys van die reg en van die serwituut, indien die titelbewys van die serwituut voorgelê is, aanteken dat die serwituut verval het.

(2) Rojering van die registrasie van 'n persoonlike serwituut ingevolge 'n ooreenkoms tussen die houer van die beswaarde reg en die houer van die serwituut moet deur 'n notariële akte bewerkstellig word, maar so 'n akte wat betrekking het op so 'n serwituut wat met verband beswaar is, word nie geregistreer nie, tensy die verbandhouer skriftelik tot rojering van die verband of vrystelling van die serwituut van die verband toegestem het.

Oordrag, sessie en beswaring van regte met 'n persoonlike serwituut daarop.

**44.** (1) Indien die houer van 'n reg waarop 'n persoonlike serwituut rus en die houer van daardie serwituut die reg of enige gedeelte daarvan tesame met die serwituutregte aan iemand anders van die hand gesit het, kan hulle dit gesamentlik aan daardie ander persoon oordra of sedeer.

(2) Die akte van oordrag of sessie moet die oordraggewer of sedent as onderskeidelik die houer van die reg en die houer van die serwituut beskryf, maar in die omskrywing van die reg daarin word geen melding van die serwituut gemaak nie.

(3) Die houer van 'n reg waarop 'n persoonlike serwituut rus en die houer van daardie serwituut kan gesamentlik die reg tot die volle omvang van hulle onderskeie belange daarin met verband beswaar.

(4) Die houer van die reg en die houer van die serwituut kan elk as hoofskuldenaar die reg of die serwituut met verband beswaar en die ander een van hulle kan in dieselfde verbandakte as borg die serwituut of die reg met verband beswaar.

Gesamentlike transaksies deur *fiduciarius* en *fideicommissarius*.

**45.** (1) Wanneer die houer van 'n reg waarop 'n *fideicommissum* rus en die *fideicommissarius* (waar hy daartoe bevoeg is) die reg of enige gedeelte daarvan tesame met die fideikommissêre regte aan iemand anders van die hand gesit het, kan hulle dit gesamentlik aan daardie ander persoon oordra of sedeer.

(2) Die akte van oordrag of sessie moet die oordraggewer of sedent as onderskeidelik die houer van die reg en die houer van die fideikommissêre reg beskryf, maar in die beskrywing van die reg daarin word geen melding van die fideikommissêre reg gemaak nie.

(3) Die houer van 'n reg waarop 'n *fideicommissum* rus en die *fideicommissarius* (waar hy daartoe bevoeg is) kan gesamentlik die reg tot die volle omvang van hulle onderskeie belange daarin met verband beswaar.

Registrasie van hure en onderhure.

**46.** (1) (*a*) Behalwe waar 'n wet anders bepaal, moet 'n huur of onderhuur van 'n reg wat ingevolge die bepalings van 'n wet op prospektering en mynbou verhuur kan word, en 'n sessie van so 'n huur of onderhuur waarvan die registrasie in die Mynbriewekantoor beoog of vereis word, verly word deur die verhuurder en die huurder of deur die huurder en die onderhuurder of deur die sedent en die sessionaris, en deur 'n notaris geattesteer word.

(*b*) So 'n huur word vir die volle duur daarvan, met inbegrip van tydperke van hernuwing, geregistreer.

(2) Indien die verhuurde of onderverhuurde reg met verband beswaar of aan regte van iemand anders onderworpe is, is dit by registrasie van die huur of onderhuur of 'n sessie daarvan nie nodig om die verbandakte of ander akte waarkragtens daardie regte gehou word of die toestemming van die wettige houer daarvan voor te lê nie.

Beëindiging van geregistreerde huur.

**47.** (1) Wanneer 'n geregistreerde huur of onderhuur beëindig is, moet die registrateur, op skriftelike aansoek deur die houer van die betrokke reg of van die huurder, vergesel van bewys van die beëindiging van die huur of onderhuur en, in die geval

the case of the termination of the lease, by the title deed of the right leased and, if available, the deed of lease or, in the case of the termination of the sub-lease, by the deed of lease and, if available, the deed of sub-lease, note, in the case of the termination of the lease, upon the title deed of the right and on the deed of lease, if produced or, in the case of the termination of the sub-lease, upon the deed of lease and upon the deed of sub-lease, if produced, that the lease or sub-lease has terminated.

(2) If the full term, including periods of renewal, of a registered lease or sub-lease has expired, no further transactions affecting that lease or sub-lease shall be registered.

## CHAPTER X.

### MISCELLANEOUS.

Registration of nomination agreements and matters relating to such agreements.

**48.** (1) An applicant for the registration of any nomination agreement or any cession thereof, shall forward to the registrar—

(*a*) a signed original of the agreement or cession, together with three further originals or copies thereof certified as true by a notary public; and

(*b*) in the case of a nomination agreement, the title deed of the land in question.

(2) Whenever the registrar has registered any such agreement, he shall forward a copy of the agreement, together with the title deed of the land in question, to the registrar of deeds for the area in which the land is situated, who shall note the agreement against the title deed of the land in question and in the appropriate registers.

(3) Whenever any registered nomination agreement has been abandoned or cancelled, the provisions of subsection (2) shall *mutatis mutandis* apply in connection with the registration of such abandonment or cancellation.

Registration of mining leases and other matters relating to such leases.

**49.** (1) Every mining lease, every transfer or cession of the rights and obligations thereunder and every amendment of the terms and conditions of any mining lease shall be in the form of a notarial deed which shall be submitted for registration to the registrar together with such further originals or copies thereof and such other documents and deeds as may be prescribed.

(2) Whenever any mining lease has been amended, modified, abandoned or cancelled, either wholly or in part, such plans, diagrams, deeds and other documents as may be prescribed shall be submitted to the registrar who shall register or record such amendment, modification, abandonment or cancellation.

(3) Whenever the Minister amends a mining lease in respect of natural oil by excluding therefrom or including therein any area of land, the holder of such lease shall cause a diagram to be prepared showing the area so excluded or included, and shall lodge with the registrar so many copies of such diagram and such other documents as may be prescribed, and the registrar shall register the amendment and make such endorsements on the lease as may be necessary to give effect thereto and shall record the amendment in the appropriate register.

Special provisions relating to leases in respect of base minerals granted under Act 16 of 1907 (Cape).

**50.** The sub-letting or assignment of any lease in respect of base minerals granted under The Mineral Law Amendment Act, 1907 (Act No. 16 of 1907), of the Cape of Good Hope, and registered in the Mining Titles Office in terms of section 77 (6) of the Mining Rights Act, 1967, shall be effected by means of a notarial deed which shall be registered by the registrar upon production to him of such documents as may be prescribed.

Special provisions relating to surface right permits.

**51.** (1) Whenever a mining commissioner has in terms of section 90 (9) of the Mining Rights Act, 1967, consented to the transfer to any holder of mining title of any permission to use the surface of proclaimed land or land held under mining title for purposes incidental to mining, the registrar shall, notwithstanding the provisions of sections 15 and 17 of this Act, upon lodgment with him of such consent in writing together with the document of title evidencing such permission, by endorsement of such document, transfer the permission to such holder.

(2) The registrar shall not register any lease, transfer or encumbrance by mortgage or servitude in respect of the rights granted under any permit issued in terms of section 76 of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908),

van die beëindiging van die huur, van die titelbewys van die verhuurde reg en, indien beskikbaar, die akte van huur of, in die geval van die beëindiging van die onderhuur, van die akte van huur en, indien beskikbaar, die akte van onderhuur, aanteken dat die huur of onderhuur beëindig is, in die geval van die beëindiging van die huur, op die titelbewys van die reg en op die akte van huur, indien oorgelê, of, in die geval van die beëindiging van die onderhuur, op die akte van huur en op die akte van onderhuur, indien oorgelê.

(2) Indien die volle duur, met inbegrip van tydperke van hernuwing, van 'n geregistreerde huur of onderhuur verstryk het, word geen verdere regshandelinge wat daardie huur of onderhuur raak, geregistreer nie.

## HOOFSTUK X.

### DIVERSE BEPALINGS.

**48.** (1) 'n Applikant om die registrasie van 'n benoemingsooreenkoms of 'n sessie daarvan, stuur aan die registrateur— Registrasie van benoemingsooreenkomste en aangeleenthede wat met sodanige ooreenkomste in verband staan.

(*a*) 'n ondertekende oorspronklike eksemplaar van die ooreenkoms of sessie tesame met drie verdere oorspronklike eksemplare of kopieë daarvan deur 'n notaris as juis gesertifiseer; en

(*b*) in die geval van 'n benoemingsooreenkoms, die titelbewys van die betrokke grond.

(2) Wanneer die registrateur so 'n ooreenkoms geregistreer het, stuur hy 'n afskrif van die ooreenkoms tesame met die titelbewys van die betrokke grond aan die registrateur van aktes vir die gebied waarin die grond geleë is, wat die ooreenkoms teen die titelbewys van die betrokke grond en in die gepaste registers moet aanteken.

(3) Wanneer 'n geregistreerde benoemingsooreenkoms opgesê of gerojeer is, is die bepalings van subartikel (2) *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die registrasie van sodanige opsegging of rojering.

**49.** (1) Elke mynhuur, elke oordrag of sessie van die regte en verpligtings daaraan verbonde en elke wysiging van die bedinge en voorwaardes van 'n mynhuur moet in die vorm van 'n notariële akte wees wat aan die registrateur vir registrasie voorgelê moet word tesame met die verdere oorspronklike eksemplare of afskrifte daarvan en die ander dokumente en aktes wat voorgeskryf word. Registrasie van mynhure en ander aangeleenthede met betrekking tot sulke hure.

(2) Wanneer 'n mynhuur gewysig, verander, opgesê of gerojeer is, hetsy in die geheel of ten dele, moet die voorgeskrewe planne, kaarte, aktes en ander dokumente voorgelê word aan die registrateur, wat die wysiging, verandering, opsegging of rojering moet registreer of aanteken.

(3) Wanneer die Minister 'n mynhuur ten opsigte van aardolie wysig deur grond daarvan uit te sluit of daarby in te sluit, moet die houer van bedoelde huur 'n kaart laat opstel wat die terrein aantoon wat uitgesluit of ingesluit is, en moet hy by die registrateur die getal afskrifte van bedoelde kaart en die ander dokumente indien wat voorgeskryf word, en die registrateur moet die wysiging registreer en die aantekeninge op die huur aanbring wat nodig is om daaraan gevolg te gee en die wysiging in die gepaste register aanteken.

**50.** Die onderverhuring of oordrag van 'n huur ten opsigte van onedele minerale toegeken kragtens „The Mineral Law Amendment Act, 1907" (Wet No. 16 van 1907), van die Kaap die Goeie Hoop, en geregistreer in die Mynbriewekantoor ingevolge artikel 77 (6) van die Wet op Mynregte, 1967, moet teweeggebring word deur middel van 'n notariële akte wat die registrateur by oorlegging aan hom van die voorgeskrewe dokumente moet registreer. Spesiale bepalings betreffende hure ten opsigte van onedele minerale toegeken ingevolge Wet 16 van 1907 (Kaap).

**51.** (1) Wanneer 'n mynkommissaris ingevolge artikel 90 (9) van die Wet op Mynregte, 1967, toegestem het tot die oordrag aan 'n houer van myntitel van 'n vergunning om die oppervlakte van geproklameerde grond of grond wat kragtens myntitel gehou word, vir doeleindes wat met mynbou in verband staan te gebruik, moet die registrateur, ondanks die bepalings van artikels 15 en 17 van hierdie Wet, by indiening by hom van bedoelde toestemming in geskrif, tesame met die titeldokument wat van die vergunning getuig, die vergunning by endossement van bedoelde dokument aan bedoelde houer oordra. Spesiale bepalings betreffende oppervlakteregtepermitte.

(2) Die registrateur registreer nie 'n huur, oordrag of beswaring deur verband of serwituut ten opsigte van die regte toegeken ingevolge 'n permit uitgereik kragtens artikel 76 van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van

of the Transvaal, or of that Act as applied to the province of the Orange Free State by the Orange Free State Metals Mining Act, 1936 (Act No. 13 of 1936), unless there is lodged with him a written consent to such registration which shall be issued free of charge by the mining commissioner concerned in a form approved by the registrar and shall state the period for which such consent is available.

Special provisions relating to stands.

**52.** (1) If a mining commissioner has amended any condition subject to which a stand was granted, and the title to such stand consists of a stand licence only, the amendment shall not be recorded in the Mining Titles Office until the holder of the stand licence has applied for and received a certificate of registered title in terms of section 23.

(2) Whenever any stand has been subdivided with the approval of the Minister, the registrar may, subject to the provisions of section 26, issue a certificate of registered title in respect of the subdivided portion of such stand.

Special provisions relating to permits to retain and treat residues.

**53.** (1) Whenever any permit to retain and treat residues has been transferred in respect of part only of such residues, the registrar shall after registration transmit the transferee's copy of the deed of transfer to the mining commissioner concerned who shall upon receipt thereof issue a new permit to the transferee in respect of the residues so transferred and shall return the deed of transfer and the new permit to the registrar.

(2) On receipt of the deed of transfer and new permit the registrar shall endorse such deed and his registry duplicate thereof to reflect the issue of such permit.

Special provisions relating to bewaarplaatsen.

**54.** If a bewaarplaats is registered in the name of a company whose name has been struck off the register of companies in terms of section 199 of the Companies Act, 1926 (Act No. 46 of 1926), the registrar may, on production to his satisfaction of proof that the name of such company has been struck off the register, make such endorsements on the title deeds to such bewaarplaats, and such entries in his records as may be necessary to record such fact, and thereupon the bewaarplaats in question shall cease to be a bewaarplaats.

Special provisions relating to machinery sites.

**55.** Whenever the grant of any machinery site mentioned in section 73 of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908), of the Transvaal, has been cancelled by a mining commissioner, the registrar shall upon receiving advice of such cancellation make such entries in his records as may be necessary and thereupon the machinery site in question shall cease to be a machinery site.

Special provisions relating to the registration of certain rights in respect of precious stones.

**56.** (1) (*a*) If at any time prior to the commencement of this Act, a registrar of deeds, a magistrate or a civil commissioner has under any law relating to precious stones registered a discoverer's certificate or an owner's certificate in respect of precious stones in a mine, or any transfer or hypothecation thereof, such registrar of deeds, magistrate or civil commissioner shall, if any such certificate is still in force, forward a certified copy thereof and certified copies of any current deed of transfer and any current hypothecation to the registrar who shall, free of charge, register such certificate or deed and file the certified copies thereof as his registry duplicates.

(*b*) Upon registration of the said certificates and deeds in accordance with the provisions of paragraph (*a*), the registrar shall notifiy the officers concerned of such registration who shall thereupon make appropriate endorsements on their office copies of such certificates and deeds and in the relevant registers whereby attention is directed to such registration and to the provisions of subsection (2).

(2) After the commencement of this Act any registration of any transaction relating to any such certificate shall be effected only in the Mining Titles Office.

(3) The provisions of subsections (1) and (2) shall *mutatis mutandis* apply in connection with any lease granted under section 21, 72 or 74 of the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or corresponding provisions of a prior law, and recorded in the office of a mining commissioner.

1908), van Transvaal, of van daardie Wet soos by die Oranje-Vrystaatse Metaal-myn Wet, 1936 (Wet No. 13 van 1936), op die provinsie Oranje-Vrystaat toegepas nie, tensy 'n skriftelike toestemming tot sodanige registrasie wat die betrokke mynkommissaris gratis in 'n deur die registrateur goedgekeurde vorm moet uitreik en wat die tydperk moet vermeld waarvoor bedoelde toestemming geldig is, by hom ingedien word.

Spesiale bepaling betreffende standplase.

**52.** (1) Indien 'n mynkommissaris 'n voorwaarde onderworpe waaraan 'n standplaas toegeken is, gewysig het, en die titel tot dié standplaas slegs uit 'n standplaaslisensie bestaan, word die wysiging nie in die Mynbriewekantoor aangeteken nie alvorens die houer van die standplaaslisensie ingevolge artikel 23 om 'n sertifikaat van geregistreerde titel aansoek gedoen en dit ontvang het.

(2) Wanneer 'n standplaas met goedkeuring van die Minister onderverdeel is, kan die registrateur, behoudens die bepalings van artikel 26, 'n sertifikaat van geregistreerde titel ten opsigte van die onderverdeelde gedeelte van die standplaas uitreik.

Spesiale bepalings betreffende permitte om residu's te behou en te behandel.

**53.** (1) Wanneer 'n permit om residu's te behou en te behandel ten opsigte van slegs 'n gedeelte van bedoelde residu's oorgedra is, moet die registrateur na registrasie die oordragnemer se afskrif van die oordragakte deurstuur aan die betrokke mynkommissaris wat by ontvangs daarvan 'n nuwe permit ten opsigte van die residu's aldus oorgedra aan die oordragnemer moet uitreik en die oordragakte en die nuwe permit aan die registrateur moet terugstuur.

(2) By ontvangs van die oordragakte en die nuwe permit moet die registrateur bedoelde akte en sy registrasieduplikaat daarvan endosseer ten einde die uitreiking van die nuwe permit aan te toon.

Spesiale bepalings betreffende bewaarplase.

**54.** Indien 'n bewaarplaas geregistreer is op naam van 'n maatskappy waarvan die naam ingevolge artikel 199 van die Maatskappywet, 1926 (Wet No. 46 van 1926), van die register van maatskappye geskrap is, kan die registrateur, by voorlegging van bewys wat hom tevrede stel dat die naam van bedoelde maatskappy van die register geskrap is, die endossemente op die titelbewys van die bewaarplaas en die inskrywings in sy registers aanbring wat nodig is om die feit te boekstaaf, en daarop hou die betrokke bewaarplaas op om 'n bewaarplaas te wees.

Spesiale bepalings betreffende masjinerieterreine.

**55.** Wanneer die toekenning van 'n masjinerieterrein vermeld in artikel 73 van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908), van Transvaal, deur 'n mynkommissaris ingetrek is, moet die registrateur, by ontvangs van kennisgewing van sodanige intrekking, die nodige inskrywings in sy registers maak, en daarop hou die betrokke masjinerieterrein op om 'n masjinerieterrein te wees.

Spesiale bepalings betreffende die registrasie van sekere regte ten opsigte van edelgesteentes.

**56.** (1) (*a*) Indien 'n registrateur van aktes, 'n landdros of 'n siviele kommissaris te eniger tyd voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n ontdekkersertifikaat of 'n eienaarsertifikaat ten opsigte van edelgesteentes in 'n myn, of 'n oordrag of verhipotekering daarvan, ingevolge 'n wetsbepaling op edelgesteentes geregistreer het, moet bedoelde registrateur van aktes, landdros of siviele kommissaris, indien so 'n sertifikaat nog van krag is, 'n gewaarmerkte afskrif daarvan en gewaarmerkte afskrifte van enige geldende oordragakte en enige geldende verbandakte stuur aan die registrateur wat bedoelde sertifikaat of akte gratis moet registreer en die gewaarmerkte afskrifte daarvan as sy registrasieduplikate moet bewaar.

(*b*) By registrasie van die genoemde sertifikate en aktes ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (*a*), gee die registrateur kennis van bedoelde registrasie aan die betrokke beamptes wat daarop gepaste aantekeninge op hul kantoorafskrifte van bedoelde sertifikate en aktes en in die gepaste registers moet aanbring, waarby die aandag op bedoelde registrasie en op die bepalings van subartikel (2) gevestig word.

(2) Na die inwerkingtreding van hierdie Wet word enige registrasie van 'n regshandeling met betrekking tot so 'n sertifikaat slegs in die Mynbriewekantoor bewerkstellig.

(3) Die bepalings van subartikels (1) en (2) is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met 'n huur kragtens artikel 21, 72 of 74 van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of ooreenstemmende bepalings van 'n vorige wet toegeken en in die kantoor van 'n mynkommissaris aangeteken.

Transfer and cession not to be passed as security.

**57.** No transfer or cession of any right (except a mortgage bond) made as security for a debt or other obligation shall be attested by the registrar or registered or recorded in the Mining Titles Office.

Taxes and transfer duty to be paid before transfer or cession.

**58.** (1) No deed of transfer or cession of any right or certificate of registered title issued in terms of section 27 shall be registered unless accompanied by a receipt or certificate of a competent public revenue officer that the taxes, duties and fees payable to the Government or any provincial administration on the rights to be transferred, ceded or registered have been paid.

(2) If any right has been settled upon or donated to an intended spouse in terms of an antenuptial contract, no transfer or cession of such right by the donor to any person other than the donee and no mortgage thereof by the donor shall be executed, attested or registered by the registrar unless the transfer duty (if any) payable on the settlement or donation has been paid.

Registration of change of name.

**59.** (1) If any person or partnership whose name appears in any registered deed or other document has changed his or its name, the registrar shall, upon written application by that person or partnership and upon production of the consent in writing of every other person interested in such deed or other document or in the rights created, conveyed or evidenced thereby, if he is satisfied that no change of person in law is implied in such change of name, endorse on the said deed or other document that the name of the person or partnership has been changed to the name stated in the application, and if the old name appears in another deed or other document registered in the Mining Titles Office, that deed or other document shall be likewise endorsed, and in either case corresponding entries shall be made in the registers.

(2) Except in the case of a person or partnership whose name has been changed in accordance with the provisions of any law, the registrar shall refuse to make any endorsement in terms of subsection (1) until the applicant has published a notice in a form approved of by the registrar once in the *Gazette* and three times in a newspaper approved by him, and if any objection which in his opinion is *bona fide* and sufficiently material, is not later than one week after the last publication in the *Gazette* or newspaper, whichever may be the later publication, lodged with him to the endorsement being made, he may refuse to make the endorsement except upon the authority of an order of court, and the court shall have jurisdiction to make such order in the matter as it may deem just.

Women witnesses of deeds.

**60.** Any female person who would, if she were a male person, be competent to witness any document intended for registration or filing or production in the Mining Titles Office, shall be competent to witness any such document, and any such document which was witnessed before the commencement of this Act by a female person, shall be as valid as if she had been a male person.

Attestation of powers of attorney and other documents in the Republic.

**61.** (1) (*a*) Any power of attorney executed within the Republic which purports to give authority to pass, cede, amend or cancel a deed or document capable of being registered or to perform any act which may properly be performed in the Mining Titles Office, shall be attested either by two witnesses above the age of fourteen years who are competent to give evidence in any court of law in the Republic or by a magistrate, justice of the peace, commissioner of oaths or notary public under his designation as such.

(*b*) No person shall be competent to attest any power of attorney under which he is appointed as an agent or derives any benefit.

(2) The provisions of subsection (1) shall *mutatis mutandis* apply to any other original document intended for registration or filing or production in the Mining Titles Office.

Execution of deeds by prospective holders of rights.

**62.** If any deed or document required to be executed by the holder of any right has been executed by a person who has become entitled to receive transfer or cession of such right, such deed or document shall, upon such person's receiving transfer or cession of such right, for the purposes of this Act be deemed to have been executed by the holder of such right.

**57.** Geen oordrag of sessie van 'n reg (behalwe 'n verbandakte) wat as sekuriteit vir 'n skuld of ander verpligting geskied het, word deur die registrateur geattesteer of in die Mynbriewekantoor geregistreer of aangeteken nie. Oordrag en sessie word nie as sekuriteit gepasseer nie.

**58.** (1) Geen akte van oordrag of sessie van 'n reg of sertifikaat van geregistreerde titel ingevolge artikel 27 uitgereik, word geregistreer nie tensy dit vergesel gaan van 'n kwitansie of sertifikaat van 'n bevoegde staatsinkomstebeampte dat die belastings, regte en gelde aan die Regering of 'n provinsiale administrasie verskuldig op die regte wat oorgedra, gesedeer of geregistreer staan te word, betaal is. Belastings en hereregte moet voor oordrag of sessie betaal word.

(2) Indien 'n reg kragtens huweliksvoorwaardes aan 'n voorgenome eggenoot oorgemaak of geskenk is, word geen oordrag of sessie van daardie reg deur die skenker aan iemand anders as die begiftigde, en geen verhipotekering daarvan deur die skenker, deur die registrateur verly, geattesteer of geregistreer nie tensy die hereregte, as daar is, verskuldig op die oormaking of skenking betaal is.

**59.** (1) Indien 'n persoon of vennootskap wie se naam in 'n geregistreerde akte of ander dokument voorkom, sy naam verander het, moet die registrateur op skriftelike aansoek deur daardie persoon of vennootskap en by voorlegging van die skriftelike toestemming van elke ander persoon wat 'n belang het by bedoelde akte of ander dokument of die regte daardeur gevestig, oorgedra of aangedui, mits hy oortuig is dat met daardie naamsverandering regtens geen verandering van persoon gepaard gaan nie, op bedoelde akte of ander dokument aanteken dat die naam van die persoon of vennootskap verander is na die naam in die aansoek vermeld, en indien die ou naam voorkom in 'n ander akte of ander dokument wat in die Mynbriewekantoor geregistreer is, moet daardie akte of ander dokument insgelyks geëndosseer word, en in albei gevalle moet ooreenstemmende inskrywings in die registers gemaak word. Registrasie van naamsverandering.

(2) Behalwe in die geval van 'n persoon of vennootskap wie se naam ooreenkomstig die bepalings van 'n wet verander is, weier die registrateur om 'n aantekening ingevolge subartikel (1) te maak totdat die applikant 'n kennisgewing in 'n vorm deur die registrateur goedgekeur eenmaal in die *Staatskoerant* en driemaal in 'n nuusblad deur hom goedgekeur, gepubliseer het, en indien 'n beswaar wat volgens sy oordeel te goeder trou en van voldoende belang is, nie later as een week na die laaste publikasie in die *Staatskoerant* of nuusblad, watter ook al die jongste publikasie is, teen die aanbring van die aantekening by hom ingedien word, kan hy weier om die aantekening te maak behalwe op gesag van 'n hofbevel, en die hof is bevoeg om die bevel in verband met die saak uit te reik wat hy regverdig ag.

**60.** Elke vrouspersoon wat, as sy 'n manspersoon was, bevoeg sou gewees het om 'n dokument wat vir registrasie of bewaring of voorlegging in die Mynbriewekantoor bedoel is, as 'n getuie te onderteken, is bevoeg om so 'n dokument as getuie te onderteken, en so 'n dokument wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n vrouspersoon as getuie onderteken is, is ewe geldig asof sy 'n manspersoon was. Vrouspersone as getuies van aktes.

**61.** (1) (*a*) 'n Prokurasie in die Republiek verly wat magtiging heet te verleen om 'n registreerbare akte of dokument te passeer, sedeer, wysig of rojeer, of om 'n handeling te verrig wat regtens in die Mynbriewekantoor verrig kan word, moet òf deur twee getuies wat ouer as veertien jaar is en wat bevoeg is om in 'n geregshof in die Republiek getuienis af te lê òf deur 'n landdros, vrederegter, kommissaris van ede of notaris onder sy ampstitel geattesteer word. Attestering van prokurasie en ander dokumente in die Republiek.

(*b*) Niemand is bevoeg om 'n prokurasie waarin hy as 'n gevolmagtigde aangestel of bevoordeel word, te attesteer nie.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige ander oorspronklike dokument wat vir registrasie of bewaring of voorlegging in die Mynbriewekantoor bedoel is.

**62.** Indien 'n akte of dokument wat deur die houer van 'n reg verly moet word, verly is deur 'n persoon wat geregtig geword het om oordrag of sessie van daardie reg te verkry, word daardie akte of dokument wanneer dié persoon oordrag of sessie van dié reg ontvang, by die toepassing van hierdie Wet geag deur die houer van die reg verly te wees. Verlyding van aktes deur toekomstige houers van regte.

Notice to registrar of application to court.

**63.** (1) No application made to the court for authority or an order involving the performance of any act in the Mining Titles Office shall be heard, unless the applicant has at least fourteen days before the hearing given the registrar written notice of his intention to make such application: Provided that the registrar may accept notice of shorter duration if the exigencies of his office permit.

(2) The registrar may submit to the court such report on any such application as he may deem desirable to make.

Substituted copy of lost deed supersedes original which must be surrendered on recovery.

**64.** (1) If a copy of a registered deed or other document has been issued in the manner prescribed by regulation, in substitution for a deed or other document which has been lost or is believed to have been destroyed, the original deed or other document, if still in existence, shall thereupon become void.

(2) If a deed or other document which has become void as aforesaid, comes into the custody or possession of any person who knows that a copy has been issued in substitution therefor, he shall forthwith deliver or transmit such deed or other document to the registrar.

(3) When any deed or document which has become void as aforesaid is delivered or transmitted to the registrar, he shall impound such deed or document and file it in his office after having made an endorsement thereon that it has become void.

Exemption from liability for acts or omissions in the Mining Titles Office.

**65.** No act or omission of the registrar or of any officer employed in the Mining Titles Office shall render the Government or the registrar or such officer liable for damage sustained by any person in consequence of such act or omission: Provided that if such act or omission is *mala fide* or if the registrar or such officer has not exercised reasonable care and diligence in carrying out his duties in connection with the matter in relation to which such act or omission occurred, the Government shall be liable for the damage, and in that event any amount paid by the Government shall be recoverable from the registrar or such officer.

Formal defects.

**66.** No act in connection with any registration in the Mining Titles Office shall be invalidated by any formal defect, whether such defect occurs in any deed passed or registered or in any document upon the authority of which any such deed has been passed or registered or which is required to be produced in connection with the passing or registration of such deed, unless a substantial injustice has by such act been done which in the opinion of the court cannot be remedied by any order of court.

Repeal of laws.

**67.** The Mining Titles Registration Act, 1908 (Act No. 29 of 1908), of the Transvaal, the Registration of Deeds and Titles Act, 1909 (Act No. 25 of 1909), of the Transvaal, and section 95 (2) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), are hereby repealed: Provided that notwithstanding the repeal of the said Mining Titles Registration Act, 1908, the provisions of section 1 of that Act and any provision of any repealed law kept in operation by the said section shall continue to apply in connection with stands and leasehold lots in townships for which freehold title may be obtained under the Townships Amendment Act, 1908 (Act No. 34 of 1908), of the Transvaal, until such freehold title has been so obtained.

Short title and commencement.

**68.** This Act shall be called the Mining Titles Registration Act, 1967, and shall come into operation on the date of commencement of the Mining Rights Act, 1967.

**63.** (1) Geen aansoek by die hof om 'n magtiging of bevel wat die verrigting van 'n handeling in die Mynbriewekantoor meebring, word aangehoor nie tensy die applikant minstens veertien dae voor die verhoor aan die registrateur skriftelik kennis gegee het van sy voorneme om bedoelde aansoek te doen: Met dien verstande dat die registrateur 'n kennisgewing van korter duur kan aanvaar as die vereistes van sy kantoor dit toelaat. Kennisgewing aan registrateur van aansoek by hof.

(2) Die registrateur kan oor so 'n aansoek aan die hof die verslag voorlê wat hy wenslik ag.

**64.** (1) Indien 'n afskrif van 'n geregistreerde akte of ander dokument volgens voorskrif van regulasies uitgereik is ter vervanging van 'n akte of ander dokument wat verlore is of wat na vermoede vernietig is, word die oorspronklike akte of ander dokument, as dit nog bestaan, daarop nietig. Uitgereikte afskrif van verlore akte vervang die oorspronklike wat na terugvinding ingehandig moet word.

(2) Indien 'n akte of ander dokument wat soos voormeld nietig geword het, in die bewaring of besit kom van iemand wat weet dat 'n afskrif ter vervanging daarvan uitgereik is, moet hy onverwyld daardie akte of ander dokument aan die registrateur aflewer of stuur.

(3) Wanneer 'n akte of dokument wat soos voormeld nietig geword het aan die registrateur afgelewer of gestuur word, moet hy op daardie akte of dokument beslag lê en dit in sy kantoor bewaar nadat hy daarop aangeteken het dat dit nietig geword het.

**65.** Geen handeling of versuim van die registrateur of van 'n beampte wat in die Mynbriewekantoor in diens is, maak die Regering of die registrateur of daardie beampte aanspreeklik vir skade wat iemand as gevolg van daardie handeling of versuim gely het nie: Met dien verstande dat as bedoelde handeling of versuim te kwader trou is of as die registrateur of bedoelde beampte by die verrigting van sy pligte in verband met die aangeleentheid met betrekking waartoe die handeling of versuim plaasgevind het, nie redelike sorg en ywer beoefen het nie, die Regering vir die skade aanspreeklik is, en in so 'n geval kan enige bedrag deur die Regering betaal op die registrateur of bedoelde beampte verhaal word. Vrywaring teen aanspreeklikheid vir handeling of versuim in die Mynbriewekantoor.

**66.** Geen handeling in verband met 'n registrasie in die Mynbriewekantoor is weens 'n formele gebrek ongeldig nie, hetsy die gebrek voorkom in 'n akte wat gepasseer of geregistreer is of in 'n dokument op gesag waarvan so 'n akte gepasseer of geregistreer is of wat in verband met die passeer of registrasie van so 'n akte voorgelê moet word, tensy 'n wesenlike onreg wat na die oordeel van die hof nie deur 'n hofbevel herstel kan word nie, deur bedoelde handeling geskied het. Formele gebreke.

**67.** Die „Mining Titles Registration Act, 1908" (Wet No. 29 van 1908), van Transvaal, die „Registration of Deeds and Titles Act, 1909" (Wet No. 25 van 1909), van Transvaal, en artikel 95 (2) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), word hierby herroep: Met dien verstande dat ondanks die herroeping van bedoelde „Mining Titles Registration Act, 1908", die bepalings van artikel 1 van daardie Wet en enige herroepe wetsbepaling deur bedoelde artikel in werking gehou, van toepassing bly in verband met standplase en pagpersele in dorpe ten opsigte waarvan eiendomstitel ingevolge die „Townships Amendment Act, 1908" (Wet No. 34 van 1908), van Transvaal, verkry kan word, totdat sodanige eiendomstitel aldus verkry is. Herroeping van wette.

**68.** Hierdie Wet heet die Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967, en tree in werking op die datum van inwerkingtreding van die Wet op Mynregte, 1967. Kort titel en inwerkingtreding.

No. 17, 1967.]

# ACT

**To amend the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, so as to provide for provisional registration of the deaths of persons who presumably died from other than natural causes; and to provide for certain incidental matters.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Insertion of section 13A in Act 81 of 1963.

**1.** The following section is hereby inserted in the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963, after section 13:

"Provisional registration of the deaths of certain persons.

**13A.** (1) Any policeman who, in terms of section 3 of the Inquests Act, 1959 (Act No. 58 of 1959), investigates or causes to be investigated the circumstances of the death of any person who presumably died from other than natural causes, shall as soon as possible furnish the magistrate of the district in which the death occurred with the prescribed particulars in respect of that death, except the cause of death.

(2) On receipt of the said particulars the magistrate concerned shall, as soon as he is satisfied that the deceased person has been identified and that the date of his death has been determined, furnish the district registrar of the district in which the death occurred with a preliminary notice on the prescribed form of the death.

(3) On receipt of the notice referred to in subsection (2) the district registrar concerned shall enter in his deaths register the prescribed particulars, and shall thereafter on receipt of a written request from any person and upon payment of the prescribed fee, issue a provisional death certificate on the prescribed form.".

Short title.

**2.** This Act shall be called the Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967.

No. 17, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, om voorsiening te maak vir voorlopige registrasie van die dood van persone wat vermoedelik weens ander as natuurlike oorsake gesterf het; en om vir sekere bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Invoeging van artikel 13A in Wet 81 van 1963.**

**1.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963, na artikel 13 ingevoeg:

„**Voorlopige registrasie van die dood van sekere persone.**

**13A.** (1) 'n Polisiebeampte wat kragtens artikel 3 van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 1959 (Wet No. 58 van 1959), ondersoek instel of laat instel na die omstandighede van die dood van 'n persoon wat vermoedelik weens ander as natuurlike oorsake gesterf het, moet so gou doenlik die voorgeskrewe besonderhede, behalwe die oorsaak van dood, ten opsigte van daardie sterfgeval aan die landdros van die distrik waarin die sterfgeval plaasgevind het, verstrek.

(2) By ontvangs van bedoelde besonderhede moet die betrokke landdros, sodra hy oortuig is dat die oorlede persoon uitgeken en die datum van sy dood vasgestel is, 'n voorlopige kennisgewing van die dood aan die distriksregistrateur van die distrik waarin die sterfgeval plaasgevind het, op die voorgeskrewe vorm verstrek.

(3) By ontvangs van die in subartikel (2) bedoelde kennisgewing moet die betrokke distriksregistrateur die voorgeskrewe besonderhede in sy sterfgevalleregister aanteken, en moet hy daarna by ontvangs van 'n skriftelike aansoek van enigiemand, teen betaling van die voorgeskrewe geld, 'n voorlopige sterftesertifikaat op die voorgeskrewe vorm uitreik.".

**Kort titel.**

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967.

No. 18, 1967.]

# ACT

**To amend the Animal Diseases and Parasites Act, 1956, so as to amend the definitions of "Department" and "Minister"; to provide for the payment monthly in advance of prescribed fees in respect of the feeding, watering and tending at quarantine stations of animals imported into the Republic under the authority of a permit; to provide for the confiscation or destruction of such animals where the holder of the permit refuses or neglects to pay such prescribed fees in advance; and to increase the fines which may be imposed in terms of section 28.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1967.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 13 of 1956.

**1.** Section 1 of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution for the definition of "Department" of the following definition:
"'Department' means the Department of Agricultural Technical Services;"; and

(*b*) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
"'Minister' means the Minister of Agricultural Technical Services;".

Amendment of section 2 of Act 13 of 1956.

**2.** Section 2 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) If an animal imported into the Union under the authority of a permit referred to in subsection (1) is detained in a quarantine station established in terms of section 18 (1) (*c*), the holder of such permit shall pay monthly in advance the prescribed fees payable in respect of the feeding, watering and tending of such animal at such quarantine station, and if he refuses or fails to do so, the Minister may confiscate such animal or cause it to be destroyed or otherwise disposed of, as he may deem fit.".

Amendment of section 28 of Act 13 of 1956.

**3.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph (ii) of subsection (1) of the following paragraph:

"(ii) in the case of an offence referred to in any other paragraph of subsection (1), if it is—

(*aa*) a first conviction under this Act, to a fine not exceeding one thousand rand or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months, or, in the case of an offence referred to in paragraph (*b*) of this subsection, or of a contravention of, or failure to comply with, the provisions of subsection (1) of section 2 or of section 7, 8 or 9, to such imprisonment without the option of a fine or to both such fine and such imprisonment;

(*bb*) a second conviction under this Act, to a fine not exceeding two thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both such fine and such imprisonment;

No. 18, 1967.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956, om die omskrywings van „Departement" en „Minister" te wysig; om voorsiening te maak vir die maandelikse vooruitbetaling van voorgeskrewe gelde ten opsigte van die kosgee, watergee en versorging by kwarantynstasies van diere wat op gesag van 'n permit in die Republiek ingevoer is; om voorsiening te maak vir die konfiskering of vankantmaking van sodanige diere indien die houer van die permit weier of versuim om sodanige voorgeskrewe gelde vooruit te betaal; en om die boetes wat ingevolge artikel 28 opgelê kan word, te verhoog.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1967.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 13 van 1956.**

**1.** Artikel 1 van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur die omskrywing van „Departement" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ‚Departement' die Departement van Landbou-tegniese Dienste;"; en

(*b*) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„ ‚Minister' die Minister van Landbou-tegniese Dienste;".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 13 van 1956.**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Indien 'n dier wat op gesag van 'n in subartikel (1) bedoelde permit in die Unie ingevoer is, in 'n kwarantynstasie wat kragtens artikel 18 (1) (*c*) opgerig is, aangehou word, moet die houer van sodanige permit die voorgeskrewe gelde wat ten opsigte van die kosgee, watergee en versorging van sodanige dier by sodanige kwarantynstasie betaalbaar is, maandeliks vooruitbetaal, en as hy weier of versuim om dit te doen, kan die Minister, volgens hy goed ag, sodanige dier konfiskeer of van kant laat maak of andersins daaroor laat beskik.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet 13 van 1956.**

**3.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (ii) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(ii) in die geval van 'n misdryf waarna in enige ander paragraaf van subartikel (1) verwys word, indien dit—

(*aa*) 'n eerste skuldigbevinding ingevolge hierdie Wet is, met 'n boete van hoogstens duisend rand of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, of, in die geval van 'n misdryf waarna in paragraaf (*b*) van hierdie subartikel verwys word, of van 'n oortreding van die bepalings van subartikel (1) van artikel 2 of van artikel 7, 8 of 9, of 'n versuim om dit na te kom, met sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf;

(*bb*) 'n tweede skuldigbevinding ingevolge hierdie Wet is, met 'n boete van hoogstens tweeduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf;

(*cc*) a third or subsequent conviction under this Act, to a fine not exceeding five thousand rand or to imprisonment for a period not exceeding two years, or to both such fine and such imprisonment.".

**Short title.**

**4.** This Act shall be called the Animal Diseases and Parasites Amendment Act, 1967.

(*cc*) 'n derde of daaropvolgende skuldigbevinding ingevolge hierdie Wet is, met 'n boete van hoogstens vyfduisend rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar, of met sowel sodanige boete as sodanige gevangenisstraf.".

**4.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Dieresiektes en -parasiete, 1967. Kort titel.

**INHOUD.**

**Departement van die Eerste Minister.**

GOEWERMENTSKENNISGEWING.


| No. | | Bladsy |
|---|---|---|
| 269 | Wet No. 13 van 1967: Wysigingswet op Gedenkwaardighede, 1967 .. .. .. .. .. | 3 |
| 269 | Wet No. 14 van 1967: Wysigingswet op Landbouplae, 1967 .. .. .. .. .. | 11 |
| 269 | Wet No. 15 van 1967: Wysigingswet op Grondbewaring, 1967 .. .. .. .. .. | 15 |
| 269 | Wet No. 16 van 1967: Wet op die Registrasie van Myntitels, 1967 .. .. .. .. .. | 19 |
| 269 | Wet No. 17 van 1967: Wysigingswet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1967 .. .. .. .. .. | 69 |
| 269 | Wet No. 18 van 1967: Wysigingswet op Dieresiektes en -parasiete, 1967 .. .. .. | 71 |


**CONTENTS.**

**Department of the Prime Minister.**

GOVERNMENT NOTICE.


| No. | | Page |
|---|---|---|
| 269 | Act No. 13 of 1967: Monuments Amendment Act, 1967 .. .. .. .. .. | 2 |
| 269 | Act No. 14 of 1967: Agricultural Pests Amendment Act, 1967 .. .. .. .. | 10 |
| 269 | Act No. 15 of 1967: Soil Conservation Amendment Act, 1967 .. .. .. .. .. | 14 |
| 269 | Act No. 16 of 1967: Mining Titles Registration Act, 1967 .. .. .. .. .. | 18 |
| 269 | Act No. 17 of 1967: Births, Marriages and Deaths Registration Amendment Act, 1967 .. .. | 68 |
| 269 | Act No. 18 of 1967: Animal Diseases and Parasites Amendment Act, 1967 .. .. .. | 70 |


PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—B258.
GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP EN TRANSVAAL DRUKKERS BEPERK, KAAPSTAD B258.